Downloaded from Stanmorephysics.com


basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

## NOVEMBER 2025

**PUNTE: 70**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 44 bladsye.**

Downloaded from Stanmorephysics.com

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees AL die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. MOENIE probeer om die hele vraestel te lees nie. Raadpleeg die INHOUDSOPGAWE op die volgende bladsy en merk die vraagnommers van die vrae oor die tekste wat jy hierdie jaar bestudeer het. Lees hierdie vrae en kies die vrae wat jy wil beantwoord.

2. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Roman | (35) |
| AFDELING B: | Drama | (35) |
| AFDELING C: | Kortverhale | (35) |
| AFDELING D: | Gedigte | (35) |

3. Beantwoord vrae in TWEE afdelings, soos volg:

   AFDELING A: ROMAN
   Beantwoord die vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

   AFDELING B: DRAMA
   Beantwoord die vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

   AFDELING C: KORTVERHALE
   Beantwoord die vrae oor TWEE kortverhale wat jy bestudeer het.

   AFDELING D: GEDIGTE
   Beantwoord die vrae oor TWEE gedigte wat jy bestudeer het.

4. Gebruik die kontrolelys op bladsy 4 om jou te help.

5. Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling noukeurig.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

8. Bestee ongeveer 75 minute aan elke afdeling.

9. Skryf netjies en leesbaar.

Downloaded from Stanmorephysics.com

**INHOUDSOPGAWE**

Kies TWEE afdelings.


| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A: ROMAN** | | |
| **Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
| **VRAAGNOMMER** | **PUNTE** | **BLADSYNOMMER** |
| 1. *Kringe in 'n Bos* | 35 | 5 |
| 2. *Die Ongelooflike Avonture van Hanna Hoekom* | 35 | 10 |
| 3. *Meeulanders* | 35 | 15 |
| 4. *Lien se Lankstaanskoene* | 35 | 19 |
| **AFDELING B: DRAMA** | | |
| **Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
| 5. *Poppie – Die Drama* | 35 | 23 |
| 6. *Paljas* | 35 | 27 |
| 7. *Fiela se kind – Die Drama* | 35 | 31 |
| **AFDELING C: KORTVERHALE** | | |
| **Beantwoord vrae oor AL TWEE kortverhale.** | | |
| 8.1 "Kom ons stuur vir Tasu" | 18 | 35 |
| **EN** | | |
| 8.2 "Opdrag" | 17 | 37 |
| **AFDELING D: GEDIGTE** | | |
| **Beantwoord vrae oor AL TWEE gedigte.** | | |
| 9.1 "Krisis" | 17 | 40 |
| **EN** | | |
| 9.2 "Ken jy die see …" | 18 | 42 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

**KONTROLELYS**

**Gebruik die kontrolelys om te verseker dat jy die vereiste getal vrae beantwoord.**

| AFDELING | VRAAGNOMMERS | GETAL VRAE BEANTWOORD | DUI AAN (✓) |
|---|---|---|---|
| A: Roman | 1–4 | 1 | |
| | | | |
| B: Drama | 5–7 | 1 | |
| | | | |
| C: Kortverhale | 8 | 1 (2 kortverhale) | |
| | | | |
| D: Gedigte | 9 | 1 (2 gedigte) | |
| **LET WEL:** Maak seker dat jy vrae oor slegs TWEE afdelings beantwoord het. | | | |

Downloaded from Stanmorephysics.com


## AFDELING A: ROMAN

Beantwoord slegs EEN vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

**VRAAG 1: *KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS A**

"Kate ... is dit een van jou uitgedinkte bosstories dié, soos die een oor die kastige bosmannetjies wat op die olifante ry?"

"Ek sweer, Saul."

Iets soos angs het in hom opgestoot. *Veronderstel dit is waar?* Dit kon nie waar wees nie. *Maar veronderstel!* So waar as die Here, hy sal met sy hande loop grawe! Hulle moet hom net wys waar, hy sal met sy kaal hande ... Hulle sal almal met die kaal hande gaan grawe! As dit moet waar wees, is dit die mirakel waarop almal wag! Die uitkoms. Maar nee, dit kan nie waar wees nie. Daar gebeur nie meer wonderwerke nie ...

"Saul?" Kate het onrustig geklink. "Dit lyk of jy skoon weg is ... Miskien is dit glad nie eers waar nie."

"Ja, miskien is dit glad nie eers waar nie, Kate." Maar die hoop het skielik soos vrees in hom gelê. "Miskien is dit waar ..."

Daardie Maandag het oom Wiljam se wa die eerste hout van die week gebring. Saul het sy kans afgewag en oor die werf geloop. Die laaste paar maande het hy selde na die boswaens toe geloop; die ding waarvan Jozef hom beskuldig het, het op elke wa ook gesit.

"Dag, oom Wiljam."

"As jy kom spaai het of ek tande onder die hout het, kan jy maar omdraai!" het die ou man stuurs gesê.

1.1 VOLTOOI die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord **uit die roman** neer te skryf. Skryf slegs die woord langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.4) neer.

Saul was amper (1.1.1) … jaar in die skuur by MacDonald toe Kate die nuus van die goud vir Saul gee. (1.1.2) …, wat vir die Kaapse Goewerment paaie gemaak het, het dit vir MacDonald vertel. Hy het ook gesê (1.1.3) … gaan die grootste hawe word, selfs groter as die een in die Kaap. Oubaas Hooper het die eerste goud opgetel en dit is by die (1.1.4) … getoets om te bewys dat dit goud was. (4)

1.2 Waarom het Saul besluit om by MacDonald te gaan werk? (1)

1.3 Waarom kan 'n mens verstaan dat Saul gedink het dat Kate weer net 'n storie oor die Bos vir hom vertel het? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

1.4 "Iets soos angs het in hom opgestoot. *Veronderstel dit is waar?* Dit kon nie waar wees nie. *Maar veronderstel!*" (Reël 4 en 5)

1.4.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Saul het innerlike konflik ervaar, want hy was bang (oor wat dit aan die Bos sou doen/om dit vir sy pa te vertel). (1)

1.4.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.4.1. (1)

1.5 "Hulle sal almal met die kaal hande gaan grawe!" (Reël 6 en 7)

1.5.1 Na wie verwys die "hulle"? (1)

1.5.2 Wat beteken hierdie aanhaling binne die konteks van die roman? (1)

1.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.6) neer.

"Saul?" Kate het onrustig geklink. "Dit lyk of jy skoon weg is ... Miskien is dit glad nie eers waar nie." (Reël 9 en 10)

Die toon in Kate se stem kan as ... beskryf word.

A opgewonde
B gelukkig
C onseker
D kwaad (1)

1.7 Saul se werk by MacDonald het Kate in sy lewe gebring.

Gee TWEE voorbeelde van hoe dit Saul se lewe positief beïnvloed het. (2)

Downloaded from Stanmorephysics.com

1.8 Die dinge wat mense doen, het altyd gevolge.

Kies die gevolg uit KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.8.1 tot 1.8.4) neer.

| | **KOLOM A** | | **KOLOM B** |
|---|---|---|---|
| 1.8.1 | MacDonald het Saul se boek oor David Copperfield in die skuur gekry. | A | Saul kon leer hoe om meubels te maak. |
| | | B | Saul het Kate ná 'n lang tyd weer gesien. |
| 1.8.2 | Saul het oom Abraham Steyn leer ken. | C | Kate is met die *Venice* weggestuur Kaap toe. |
| 1.8.3 | Maska het Saul in Meulbos besoek. | D | Saul kon die nuus oor Joram se dood kry. |
| 1.8.4 | Saul het vir Crompton passasiers by die halte gaan haal. | E | Kate het vir Saul sewe erwe gekoop. |

(4 x 1) (4)

1.9 Saul was ongelukkig oor die dinge wat die Bosmense van hom gedink en gesê het.

Waarom kan jy hiermee identifiseer? (1)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS B**

... Sy lyf wou slaap, maar sy kop wou wakker bly. Later het hy weer onder die krans uitgekruip en hout op die kole gegooi. Sy kos was op. Snaaks, het hy gedink, nes die dae toe hy nog vir sy pa gekap het: die kos kom altyd net-net uit totdat die hout reg is vir uitry dorp toe. Die dink het ou wrewel in hom losgeknoop. Sal hulle hom glo as hy vir hulle die goud gaan wys? Sal hul oë dán oopgaan? Sal hulle dan die byle en die sae ruil en die Bos alleen laat om sy wonde gesond te kry? Die letsels toe te groei? Jaag die vreemde delwers hier uit en kom vat wat aan julle behoort! wou hy skree.

Hy het geweet dis 'n sotlike droom. Dis net so goed jy skree vir die maan: Draai om en wys my jou agterkant. Miskien het die Engelse reg, miskien is hulle dom gebore en is hy, Saul Barnard, 'n vreemde verskynsel ... Nee, dis nie waar nie. Die swaai van 'n byl en die trek van 'n saag is oor geslagte heen maar net te diep in hulle ingewortel. Swaarkry het vir hulle soos asemhaal geword.

Wat van die kinders? Wat van Izak?

Die vuur het lui gebrand. Waarom sal hy oor die kinders skuldig voel?

Downloaded from Stanmorephysics.com

1.10 Skryf die VIER gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer soos wat dit in die roman gebeur.

- Saul het ontdek dat die bloubokkie se gal nie in sy kop sit nie.
- Saul het vir die eerste keer besef dat die dorp nie in die Bos is nie.
- Saul se ma en suster is oorlede aan die godsiekte.
- Saul het Oupoot vir die eerste keer gesien. (4)

1.11 Saul het sy goud aan MacDonald verkoop.

Gee 'n feit uit die roman om te sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

1.12 Wat het Saul die oggend voordat hy die twee onse goud uitgewas het, gesien? (1)

1.13 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.13) neer.

"... die Bos alleen laat om sy wonde gesond te kry?" (Reël 6)

Dit beteken dat die ...

A Bosmense mekaar seergemaak het.
B Bos vernietig is en kans moes kry om te herstel.
C Bosmense op 'n ander plek moes gaan bly.
D Bos die houtkopers nie langer sou verryk nie. (1)

1.14 "Miskien het die Engelse reg, miskien is hulle dom gebore …" (Reël 9)

1.14.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Saul het gedink dat die Engelse (teen die Bosmense gediskrimineer het omdat daar nie 'n skool in die Bos was nie/die Bosmense gestereotipeer het omdat die meeste nie kon lees en skryf nie). (1)

1.14.2 Waarom is dit wat Saul dink geloofwaardig binne die konteks van die roman? (1)

1.15 "**Swaarkry** het **vir hulle soos asemhaal** geword." (Reël 12)

1.15.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Dit is 'n voorbeeld van 'n (vergelyking/metafoor). (1)

1.15.2 Wat beteken die vetgedrukte woorde binne die konteks van die roman? (1)

1.16 Waarom laat dit jou goed voel as Saul hier aan Jozef se kinders dink? (Reël 14) (1)

1.17 Wat was die direkte gevolg vir Saul toe hy besluit het om goud te delf? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


1.18 Een van die lewenslesse in hierdie roman is dat jy moet doen wat jý dink reg is.

Noem TWEE positiewe gevolge wat dit vir Kate in haar lewe gehad het. (2)

1.19 Hoe kry Saul dit reg om jou saam met hom bekommerd te laat voel oor die houtkappers wat tevrede is om maar net soos altyd aan te gaan? (1)

1.20 Die skewe sirkel van die lewe raak almal se lewens.

Waarom pas hierdie tema by die slot van die roman? (1)
**[35]**

Downloaded from Stanmorephysics.com


**VRAAG 2: *DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS C**

"Jy weet nie wat gebeur het nie, Hanna," sê Sharon sag. "Ek is seker dit was nie vir haar *maklik* om dit te doen nie."

"Sy't dit nogtans gedoen."

"Jy's die een wat altyd so aangaan oor vroue wat alles kan doen wat mans kan doen. As sy 'n man was, sou jy nie ..."

"Dis nie ék wat daaroor aangaan nie," knip ek haar kort. "Dis my ma."

"Partykeer is jy nes jou ma."

Dis nie wat ek wil hoor nie. Dis beslis nie wat ek wil hoor nie.

"Maar kyk hoe lyk sy, Sharon!"

"Oukei, ek weet, jy lýk nie soos jou ma nie, maar …"

"Nee! Ek bedoel, kyk hoe lyk Margot! Al daai make-up, die stywe langbroek, die lang naels, die … die … die *hare!* Dis goedkoop!"

"Wel, ek sal haar nou nie as 'n deftige dame beskryf nie." Dit klink of Sharon haar kop in haar kussing druk om nie te lag nie.

"Maar jy's ook die een wat altyd sê mens kan nie mense oordeel aan hoe hulle lyk nie."

Helaas. As Sharon my moes oordeel aan hoe ek lyk – 'n vaal muis met 'n paar puisies wat nooit die regte klere met die regte etikette dra nie – sou ons seker nooit maats geword het nie.

"Maar alles aan haar is vals," hou ek vol.

2.1 VOLTOOI die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord **uit die roman** neer te skryf. Skryf slegs die woord langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.4) neer.

Hanna was ontevrede met haar lewe. Haar eerste woord was (2.1.1) …, want sy het alles bevraagteken. Haar ma het besluit om 'n tweede kind, (2.1.2) …, te hê, maar met 'n proefbuispa. Haar ma is later met Beyers getroud en hulle was 'n (2.1.3) … gesin wat mekaar nog moes leer ken. Hanna het nie van die idee gehou om saam met die gesin te gaan vakansie hou nie en het die plek (2.1.4) … genoem. (4)

2.2 "Jy weet nie wat gebeur het nie, Hanna," sê Sharon sag. "Ek is seker dit was nie vir haar *maklik* om dit te doen nie." (Reël 1 en 2)

2.2.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Hanna en Sharon gesels oor Margot. Hanna (was bevooroordeeld omdat sy dinge van Margot gehoor het/wou Sharon manipuleer omdat Sharon háár vriendin is). (1)

2.2.2 Waarom is Hanna se optrede geloofwaardig binne die konteks van die roman? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

2.3 Waarom was Hanna so ongelukkig omdat Sharon so laat kamer toe gekom het? (1)

2.4 Waaroor was Amos bekommerd voordat Margot op die berg aangekom het? (1)

2.5 " 'Partykeer is jy nes jou ma.'
Dis nie wat ek wil hoor nie. Dis beslis nie wat ek wil hoor nie." (Reël 7 en 8)

2.5.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Hanna ervaar al baie jare lank innerlike konflik oor haar ma, want sy voel haar ma (is vreemd en dink anders oor dinge/kies altyd die seuns in die gesin se kant). (1)

2.5.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 2.5.1. (1)

2.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.6) neer.

"Nee! Ek bedoel kyk hoe lyk Margot! Al daai make-up, die stywe langbroek, die lang naels, die … die … die *hare!* Dis goedkoop!" (Reël 11 en 12)

Die toon in Hanna se woorde kan as ... beskryf word.

A positief
B aggressief
C negatief
D vermaaklik (1)

2.7 In die vakansiehuis op die berg het Hanna haar gesin anders leer ken.

Gee TWEE voorbeelde van hoe dit Hanna se verhouding met haar gesin positief beïnvloed het. (2)

2.8 Waarom kan 'n mens sê dat Sharon in hierdie uittreksel reg opgetree het teenoor Hanna? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

2.9 Die dinge wat mense doen, het altyd gevolge.

Kies die gevolg uit KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (2.9.1 tot 2.9.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.9.1 | Gavin se rooi MG het in die modder vasgesit. | A | Hy het almal laat lag en van die reën laat vergeet. |
| 2.9.2 | Gavin het nie met die helikopter vertrek nie. | B | Hy het klere aangetrek wat hom soos 'n bosbouer laat lyk het. |
| 2.9.3 | Gavin het die gesin aan 'n konsert laat deelneem. | C | Hy het 'n diskodans op die tafel gedoen. |
| 2.9.4 | Gavin het geskenke soos slangvelbroeke en stywe bloese gegee. | D | Hy het 'n spesiale ete vir almal voorberei. |
| | | E | Hy het geleer dat mense se behoeftes verskil. |

(4 x 1) (4)

**EN**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS D**

… Gavin en die seuns begin juig. Hulle klink soos 'n klomp rugby-ondersteuners wie se span pas 'n beker gewen het.

"Dankie, Margot," sê my ma toe sy die baba weer vir Margot aangee. "Ek sou dit nooit sonder jou kon gedoen het nie …"

"Jy't al die harde werk self gedoen," glimlag Margot. "Ek het jou maar net deur die ding gepraat."

My ma skud haar kop. Dan kyk sy na my, steeds verstar teen die muur, asof sy nou eers besef dat ek ook in die kamer is.

"Hanna? Wat sê jy van jou sussie?"

Ek het 'n suster, dring dit tot my deur. Ek kyk hoe Margot twee flentertjies lap om die naelstring bind en draai my kop vinnig weg toe sy 'n groot skêr optel.

"Dis oukei," troos my ma. "Sy gaan nie seerkry nie."

"Ek wil nie hê sy moet ooit in haar lewe seerkry nie," fluister ek.

Ek wonder of dít is hoe dit voel om 'n suster te hê. Iets wat my binnegoed laat saamtrek in 'n knoop. My sussie is skaars 'n paar minute oud en ek is klaar seker ek gaan nóóit weer die knoop loskry nie.

"Ons wil haar 'n naam gee wat iets met water te doen het," kondig Mana die volgende oggend aan terwyl ons in 'n koerende kring om haar bed saamdrom.

Downloaded from Stanmorephysics.com

2.10 Skryf die VIER gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer soos wat dit in die roman gebeur.

- Margot het Hanna mooigemaak vir haar verjaarsdag.
- Tibo en Amos het Hanna se gedig gelees.
- Hanna het na Pampoen en Patat gaan soek.
- Sharon se pa het haar met 'n nuwe 4x4 kom aflaai. (4)

2.11 "**Hulle klink soos 'n klomp rugby-ondersteuners** wie se span pas 'n beker gewen het." (Reël 1 en 2)

2.11.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Dit is 'n voorbeeld van (klanknabootsing/'n vergelyking). (1)

2.11.2 Wat beteken die vetgedrukte woorde binne die konteks van die uittreksel? (1)

2.12 "Ek het jou maar net deur die ding gepraat." (Reël 5 en 6)

2.12.1 Waarna verwys "die ding"? (1)

2.12.2 Wat beteken hierdie aanhaling binne die konteks van die roman? (1)

2.13 Mana het voor die baba se geboorte na die baba as Amanzi verwys.

Gee 'n feit uit die roman om te sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

2.14 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.14) neer.

"Iets wat my binnegoed laat saamtrek in 'n knoop." (Reël 14 en 15)

Dit beteken dat Hanna ...

A baie senuweeagtig was.
B die naelstring wou knoop.
C dadelik lief geraak het vir haar sussie.
D nie goed gevoel het ná wat sy gesien het nie. (1)

2.15 Hoe kry Hanna dit reg om jou saam met haar opgewonde te laat voel oor haar nuwe sussie? (1)

2.16 Waarom laat dit jou goed voel om te sien hoe almal om Mana se bed gesit het? (1)

2.17 Mana was baie dankbaar teenoor almal wat met die baba se geboorte gehelp het.

Waarom kan jy hiermee identifiseer? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


2.18 Watter direkte gevolg het die baba se geboorte vir Gavin en Hanna gehad? (1)

2.19 Een van die lewenslesse in hierdie roman is om te besef dat mense tweede kanse kan kry.

Noem TWEE positiewe gevolge wat die vakansie vir Margot gehad het. (2)

2.20 'n Mens het nie 'n alter ego nodig om jou beter oor jouself te laat voel nie.

Waarom pas hierdie tema by die slot van die roman? (1)
**[35]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

**VRAAG 3: *MEEULANDERS* – Esta Steyn**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS E**

Maar haar liggaam ruk in sy arms, sodat hy haar stywer vashou. Liggaam teen liggaam totdat haar hortende asem bedaar en hy haar kop teen sy bors vasdruk.

"Ek … was bang," prewel sy gesmoord.

"Toemaar … die vuur is weg."

Sy beweeg weg uit sy arms en gaan sit in ′n klein hopie by die tafel. Hy haal koffiebekers uit en maak sterk, swart koffie en bring dit tafel toe. Toe sy uiteindelik praat, is haar stem doods: "My man en my kind het … verbrand. Ek kon hulle nie kry nie. Die rook was te erg." Sy neem haar koffiebeker in albei hande, asof sy die hitte daarvan soek. Sy kyk na Jacob. Hy steek sy hand versigtig uit en vee ′n sliert hare uit haar gesig uit. Hy kyk na haar asof hy glad nie kan glo wat sy sê nie: "Maar dit maak nie saak … dat … want hulle was klaar dood. My man … Vincent … wou alles uitwis. En hy hét. Hy't die brand gestig en toe vir Ronnie geskiet. En toe homself."

Hy praat eers ná 'n lang, geskokte oomblikke: "My God, Ryna. Hoekom het jy nie lankal gepraat nie? Weet Attie?"

Sy skud haar kop en kyk stip voor haar uit.

"Ek wou nie daaroor praat nie. Ek wil ook nooit weer daaroor praat nie."

3.1 VOLTOOI die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord **uit die roman** neer te skryf. Skryf slegs die woord langs die vraagnommers (3.1.1 tot 3.1.4) neer.

Ryna het na drie jaar besluit dat sy nie teruggaan (3.1.1) … toe nie. Sy het besluit om Ousanna se huis op Salamanderbaai te koop. Baie mense het gehelp om die huisie reg te kry, sodat Ryna in (3.1.2) … (die maand) kon intrek. Attie het haar huis (3.1.3) … genoem. In die huis het Ryna 'n (3.1.4) … met al Kinnie se besittings daarin gekry. (4)

3.2 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.2) neer.

"Toemaar … die vuur is weg." (Reël 4)

Die toon in Jacob se stem as hy met Ryna praat, kan as … beskryf word.

A sarkasties
B kwaai
C rustig
D vrolik (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

3.3 Dink aan die hele uittreksel.

3.3.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. (1)

Ryna ervaar innerlike konflik, want (sy kon nie lank gelede haar man en kind red nie/die vuur het haar aan dinge laat dink wat sy liewer wou vergeet).

3.3.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 3.3.1. (1)

3.4 "Weet Attie?" (Reël 14)

Waarom het Jacob hierdie vraag vir Ryna gevra? (1)

3.5 Wat het Jacob en Janka by Ryna gedoen die aand voordat die brand begin het? (1)

3.6 Wat was die direkte gevolg van Vincent en Ronnie se dood vir Ryna? (1)

3.7 Die dinge wat mense doen, het altyd gevolge.

Kies die gevolg uit KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (3.7.1 tot 3.7.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 3.7.1 | Skalla het Magrietjie verkrag. | A | Janka het sonder 'n ma grootgeword. |
| 3.7.2 | Elsabet het Meeuland verlaat om by Fred te wees. | B | Jacob het besef dat hy lief geword het vir Ryna. |
| 3.7.3 | Attie en Ryna het lekker saam gekuier en pret gehad. | C | Skalla het in die tronk beland. |
| 3.7.4 | Skalla het kreef gesmokkel naby Meeuland. | D | Jacob het Meeuland toe gevlug. |
| | | E | Janka se Kersdag het tragies geëindig. |

(4 x 1) (4)

3.8 Jacob se optrede teenoor Ryna in hierdie situasie is anders as vroeër.

Waarom laat hierdie optrede van Jacob jou goed voel? (1)

3.9 Hoe kry Ryna dit reg om jou die skok oor haar man en kind saam met haar te laat voel? (1)

3.10 Die huis op Meeuland het 'n impak op Ryna se lewe gehad.

Gee TWEE voorbeelde van hoe hierdie huis Ryna se lewe positief beïnvloed het. (2)

EN

Downloaded from Stanmorephysics.com

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS F**

... "Ek kom op die ingewing van die oomblik."

"Dis wonderlik om jou te sien! Sal ek tee bestel? Of sal ons uitgaan en iewers iets gaan drink?"

"Moenie moeite doen nie. Ek gaan nie lank wees nie."

Maar hy tel tog die binnefoon op en vra tee vir twee. "Sit gerus! My aarde, man, waar in die wêreld is jy? Jy het soos 'n groot speld verdwyn."

"Ek hou skool op Salamanderbaai."

Die tee kom ná 'n rukkie en sy skink vir hulle in. Sy voel dat hy haar dophou.

"Hoe gaan dit?" vra hy weer.

"Jy moet my asseblief help, Henning. Jy is al mens wat Vincent goed genoeg geken het."

'n Frons skuif tussen sy klein swart oë in. "Ek help graag as ek kan, Camilla."

"Destyds met die ondersoek … onthou jy, die man met die lang, blonde hare … van wie ek gepraat het?"

"Ek onthou," sê hy sag.

"Henning," haar lippe voel droog, sodat sy eers van die warm tee drink. "Klink die naam Schalk Blanckenberg miskien vir jou bekend?"

Sy kyk hom intens aan. Daar is geen herkenning van dié naam in sy oë nie. "Blanckenberg?"

Sy knik gretig. "Hulle noem hom Skalla. Probeer asseblief onthou. Miskien is dit 'n naam wat Vincent voor jou genoem het."

Hy skud sy kop stadig. "Dit lui geen klokkie nie."

3.11 Skryf die VIER gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer soos wat dit in die roman gebeur.

- Attie het in Windhoek gaan werk.
- Ryna se boek oor kusvoëls is bekendgestel.
- Ryna het vir Fred vertel dat Janka sy kind is.
- Jacob het Skalla doodgesteek. (4)

3.12 "**Jy het soos 'n groot speld verdwyn**." (Reël 6)

3.12.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Hierdie is 'n voorbeeld van 'n (hiperbool/vergelyking). (1)

3.12.2 Wat beteken die vetgedrukte woorde binne die konteks van die uittreksel? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


3.13 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.13) neer.

"Dit lui geen klokkie nie." (Reël 22)

Dit beteken dat Henning …

A iets kon onthou, maar nie seker is daarvan nie.
B glad nie die naam kon onthou nie.
C Vincent nie regtig goed geken het nie.
D die dame in sy kantoor nie gehoor het toe hy die klokkie gelui het nie. (1)

3.14 "Ek help graag as ek kan, Camilla." (Reël 12)

3.14.1 Na wie verwys Henning as hy die naam "Camilla" gebruik? (1)

3.14.2 Wat beteken hierdie aanhaling binne die konteks van die roman? (1)

3.15 Ryna het onthou dat Skalla 'n tatoeëermerk van 'n kreef op sy arm gehad het.

Noem 'n feit uit die roman om te sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

3.16 "Probeer asseblief onthou." (Reël 20)

3.16.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Met hierdie woorde het Ryna (die aanname gemaak dat Henning weet/probeer om Henning te manipuleer). (1)

3.16.2 Waarom is hierdie woorde van Ryna geloofwaardig binne die konteks van die roman? (1)

3.17 Waarom kan 'n mens verstaan dat Henning nie vir Ryna die antwoorde wou gee waarna sy soek nie? (1)

3.18 Kort nadat Janka geskiet is, het dit vir Ryna belangrik geword om die waarheid oor Skalla uit te vind.

Waarom kan jy met Ryna se optrede identifiseer? (1)

3.19 Een van die lewenslesse in hierdie roman is dat dit nooit te laat is om jou foute te erken nie.

Noem TWEE positiewe gevolge wat dit aan die einde van die roman vir Fred gehad het. (2)

3.20 Vreemdelinge kan soos familie vir mekaar word.

Waarom pas hierdie tema by die slot van die roman? (1)
**[35]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

**VRAAG 4: *LIEN SE LANKSTAANSKOENE* – Derick van der Walt**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS G**

Van toe af ry sy elke keer saam, gewoonlik ongemaklik, maar dikwels dankbaar ná die lang dag.

Dis donker toe sy die voordeur oopmaak. Dis nie gesluit nie. Braam lê reeds en slaap voor die televisie. Sy is honger, maar daar was nie tyd om iets by Pick n Pay te koop nie. Sy wonder wat hy geëet het. In die kombuis staan 'n glasbak met 'n berg vetkoeke, sien sy dankbaar. Wat sou hulle sonder tannie Bets gedoen het? Sy maak vir haar koffie en val gulsig weg. Daar is kerriemaalvleis in die vetkoeke. Sy eet en vir die eerste keer die dag ontspan sy. Sy gaan haal haar geldsakkie uit die rooi sportsak in haar kamer en begin die dag se buit tel. Haar ma se deur is toe, sien sy dankbaar.

Sy maak hopies met die verskillende munte op die eetblad in die kombuis. Daar is altesaam R217,35. Dis die eerste keer dat sy meer as R200 'n middag gemaak het. Sy kan môre weer 'n paar rand gaan bank. Sy maak gewoonlik meer op 'n Saterdag, maar sy weet nie hoe lank sy nog Saterdae sal kan werk nie. Juffrou Breytenbach wil hê hulle moet nou Saterdae ook repeteer. Sy wil elke week kop uittrek, maar sy raak op 'n manier geheg aan Weird Maria.

"Alles, alles niks. *Too bad*," sê Maria terwyl sy snuif.

4.1 VOLTOOI die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) **uit die roman** neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (4.1.1 tot 4.1.4) neer.

Lien was baie besig. Omdat sy in graad (4.1.1) ... was, het sy baie skoolwerk gehad. Smiddae na skool het sy op haar (4.1.2) ... gaan bedel. In die aand het sy haar rol as *Weird Maria* vir die (4.1.3) ... geoefen. Nadat Lien een aand saam met (4.1.4) ... huis toe gery het, het dit gereeld gebeur. Lien het later daar gaan kuier. (4)

4.2 Wat het hierdie aand op die pawiljoen gebeur voordat Lien toneeloefening toe is? (1)

4.3 "In die kombuis **staan** 'n glasbak met **'n berg vetkoeke**, ..." (Reël 5)

4.3.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Hierdie is 'n voorbeeld van 'n (metafoor/hiperbool). (1)

4.3.2 Wat beteken die vetgedrukte woorde binne die konteks van die uittreksel? (1)

4.4 Waarom het Lien geld gespaar? (1)

4.5 Lien was dankbaar toe sy sien haar ma se kamerdeur is toe. (Reël 9)

Waarom kan jy hiermee identifiseer? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

4.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.6) neer.

"Sy wil elke week kop uittrek, maar … " (Reël 14)

Dit beteken dat Lien …

A soms gevoel het sy wil nie langer deel van die toneel wees nie.
B die woorde wat sy moes sê uit haar kop geleer het.
C glad nie meer 'n pruik wou dra nie.
D elke week 'n ander pruik wou dra. (1)

4.7 Waarom laat dit jou goed voel om te weet daar is iemand soos tannie Bets in Lien se lewe? (1)

4.8 Lien het dit al meer geniet om op die verhoog te wees.

Gee TWEE voorbeelde van hoe Lien se deelname aan die toneelstuk haar lewe positief beïnvloed het. (2)

4.9 Hoe kry Lien dit reg om jou te laat voel dat sy eintlik eensaam is? (1)

4.10 Die dinge wat mense doen, het altyd gevolge.

Kies die gevolg uit KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (4.10.1 tot 4.10.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 4.10.1 | Kuifie het ernstig met Lien gesels. | A | Lien kon reg voorberei om op straat te bedel. |
| 4.10.2 | Sproet het Lien probeer verlei. | B | Lien het op die harde manier geleer dat reëls belangrik is. |
| 4.10.3 | Roos het vir Lien goeie raad gegee. | C | Lien het besef dat party mense verkeerde gedagtes het. |
| 4.10.4 | Lien het by tant Malie se koffiewinkel gewerk. | D | Lien het haar pa in die tronk gaan besoek. |
| | | E | Lien het meer tyd gehad om op haar skoolwerk te fokus. |

(4 x 1) (4)

**EN**

Downloaded from Stanmorephysics.com

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS H**

"Dis hoekom ek hier is. Hy wil weer hier kom bly, en hy wil weer kom werk."
Die man kyk haar 'n rukkie snaaks aan.
"Is sy bene of arms of iets nie af nie? Hoe de duiwel wil hy werk?" vra hy terwyl hy op sy horlosie kyk.
"Sy bene is af, maar hy kan nog baie doen." Lien besef sy sal haar storie gou moet vertel. Dié man het nie tyd vir warra-warra nie. "Hy gaan 'n karretjie hê wat hom sal help om oor die weg te kom. Hy sal maklik regkom. Hy werk in die week op 'n ander plek en kan vir die kamer betaal. Hy sal naweke die karre hier oppas, verniet. Hy vra net 'n dak oor sy kop. Hy sê hulle steel nogal karre hier. Veral naweke."
Die man kyk haar nog steeds aan asof sy pas van Mars geland het.
"Hoe de duiwel wil hy die karre oppas? Gaan hy die skelms met sy rystoel jaag?"
"Dis nie 'n rystoel nie en ons gaan vir hom 'n fluitjie koop. As hy iets snaaks sien, gaan hy 'n hengse lawaai maak en die mense sal hom hoor."
Lien weet dis nou of nooit.
Hy sit die gehoorstuk terug op die mikkie.
"Ek is jammer vir die ou, maar dis nie die Welsyn dié nie."

4.11 Skryf die VIER gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer soos wat dit in die roman gebeur.

- Dirkie het gebel om uit te vind in watter hospitaal Tibbey was.
- Lien het die jong dominee vir die eerste keer ontmoet.
- Sproet het Lien na sy woonstel toe geneem.
- Lien het haar verjaardag saam met vriende geniet. (4)

4.12 "Hoe de duiwel wil hy werk?" (Reël 3)

4.12.1 Na wie verwys "hy"? (1)

4.12.2 Wat beteken hierdie aanhaling binne die konteks van die roman? (1)

4.13 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.13) neer.

"Gaan hy die skelms met sy rystoel jaag?" (Reël 11)

Die toon in Meneer Van Biljon se woorde kan as ... beskryf word.

A vrolik
B hartseer
C sarkasties
D tevrede (1)

4.14 Wouter het vir Lien gehelp om hierdie karretjie (reël 6) te maak.

Gee 'n feit uit die roman om te sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

4.15 "..., maar dis nie die Welsyn dié nie." (Reël 16)

4.15.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Meneer Van Biljon ervaar innerlike konflik, want hy (stem saam met Lien/weet nie wat die regte ding is om te doen nie). (1)

4.15.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 4.15.1. (1)

4.16 Hou die hele uittreksel in gedagte.

4.16.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Lien probeer om Meneer Van Biljon te (manipuleer om welsynswerk in sy omgewing te doen/oorreed om Tibbey se situasie en goeie kwaliteite te verstaan). (1)

4.16.2 Waarom is Lien se optrede geloofwaardig binne die konteks van die roman? (1)

4.17 Wat was die direkte gevolg van Lien en Hein se samewerking vir hulle verhouding? (1)

4.18 Waarom kan 'n mens sê dat dit verkeerd van Roos was om Johnny van die *entertainment corner* af weg te hou? (1)

4.19 Een van die lewenslesse in hierdie roman is dat ware vriende mekaar ook in moeilike omstandighede ondersteun.

Noem TWEE positiewe gevolge wat dit vir Tibbey gehad het. (2)

4.20 Een van die temas wat sterk in die roman na vore kom, is dat 'n mens op die positiewe dinge in die lewe moet fokus.

Waarom pas hierdie tema by die slot van die roman? (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING A: 35**

Downloaded from Stanmorephysics.com

**AFDELING B: DRAMA**

Beantwoord slegs EEN vraag oor die drama wat jy bestudeer het.

**VRAAG 5: *POPPIE – DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS I**

MAMA. Maar sy het baie verlang en toe dit tyd word vir haar eerste bybie om gebore te word, toe wil sy huis toe gaan om haar bybie by haar mama te gaan kry.
POPPIE. Ek het dadelik mos swanger geword. Ek was mos dom. Ek weet nie of ek bly was nie of nie, dit gebeur mos maar net. *(Sy beweeg effens weg; staan dan stil.)*
MAMA. In die eerste winter, op vyf maande, het die kindjie gesterwe aan kinkhoes.
POPPIE. Ek weet nie wat dit daai jaar was nie, maar al die mense se klein kindertjies het afgesterwe. Ek kan nie sê dit was die swaar van die sinkhuise in die winter nie, want my ma het dan al haar bybies daar gekry en grootgemaak. Daai jaar was net 'n ander jaar, alle kinders het afgesterwe, bruin en swart.
PLANK. Bonsile is 'n paar maande later gebore. Poppie het hom Bonsile genoem, wat beteken, ons het iets gewys, iets het reggekom. Sy Engelse naam was Stanford …
POPPIE. My klonkie!
PLANK. … en as sy alleen by hom is of by Mama-goed het sy sommer gesê my klonkie. En as sy van haar man praat, het sy gesê tata-ka-Bonsile, wat beteken pa-van-Bonsile, uit respek.
STONE *(plaas sy arm om haar skouers)*. Toe kom die ding dat hulle nou vir ons sê, ons moet nou gaan waarnatoe ons wil, …

5.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) **uit die drama** neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (5.1.1 tot 5.1.4) neer.

Poppie se Ouma (5.1.1) … het ná haar man se dood (5.1.2) … toe getrek omdat sy haar kinders naby 'n kerk en skool wou hê. Mama Lena is later met Poppie se pa getroud, maar hy is weg oorlog toe. Hy was 'n (5.1.3) … in die Noorde. Poppie is gebore en haar naam was Ntombizodumo. Haar ma het ook vir haar twee Engelse name gegee. Haar name was (5.1.4) … en Regina. (4)

5.2 Waarom het Poppie ook vir Stone Bhuti-ka-nombi genoem? (1)

5.3 Waarom kan 'n mens sê dat Stone tevrede was ná hulle besoek aan Herschel? (1)

5.4 Poppie het saam met die vrouens op die lande in Herschel gewerk.

Gee TWEE voorbeelde van hoe Herschel Poppie se lewe positief beïnvloed het. (2)

Downloaded from Stanmorephysics.com


5.5 "Ek het dadelik mos swanger geword. Ek was mos dom." (Reël 3)

5.5.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Poppie het innerlike konflik ervaar, want sy (was onseker of dit die regte tyd was om 'n kind te hê/wou graag verder leer). (1)

5.5.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 5.5.1. (1)

5.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (5.6) neer.

"Ek kan nie sê dit was die swaar van die sinkhuise in die winter nie, want my ma het dan al haar bybies daar gekry en grootgemaak." (Reël 7 en 8)

Die toon in Poppie se stem kan as … beskryf word.

A kwaad
B onseker
C tevrede
D gelukkig (1)

5.7 "Toe kom die ding dat hulle nou vir ons sê, ons moet nou gaan waarnatoe ons wil, ..." (Reël 16 en 17)

5.7.1 Na wie verwys die "ons"? (1)

5.7.2 Wat beteken hierdie aanhaling binne die konteks van die uittreksel? (1)

5.8 Waarom laat dit jou goed voel dat Poppie haar seun toe Bonsile genoem het? (1)

5.9 Die dinge wat mense doen, het altyd gevolge.

Kies die gevolg uit KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (5.9.1 tot 5.9.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 5.9.1 | Teen Kerstyd kon Poppie nie weer haar pas verleng nie. | A | Poppie se dogters het in Herschel gaan bly. |
| 5.9.2 | Stone het gesterf. | B | Vukile is deur 'n dwaalklip getref. |
| 5.9.3 | Die jongmense het hulleself die Comrades begin noem. | C | Jakkie moes vlug vir die polisie. |
| 5.9.4 | Tweede Kersdag het die jongmense oorlog teen die migrants gemaak. | D | Poppie en haar kinders moes Mdantsane toe gaan. |
| | | E | Die oorlog teen die sjebeens het begin. |

(4 x 1) (4)

**EN**

Downloaded from Stanmorephysics.com

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS J**

POPPIE *(met bitterheid*). Dit gaan goed met almal. Almal het huise. En ons dan? Ek wat hier ver by die vreemde mense moet bly? Almal kom klaar sonder my.
HOEDJIE. Maar tata-ka-Bonsile was tevrede met die huis en die mielies wat Poppie geplant het. Die kinders het goed gedoen in die skool, dis net Bonsile wat nog steeds sy eie pad geloop het, vir wie Poppie snags wakker gelê het, lê en wag het dat hy moet inkom.
PLANK. Ná twee weke is Stone weer huis toe.
JAKKIE. Kort daarna het moeilikheid by Poppie se deur kom aanklop.

*Poppie sit op blik, skryf 'n brief aan tata-ka-Bonsile. Lees hardop.*

POPPIE. Op Saterdag het twee manne na ons huis gekom. Hulle sê: Iets het verkeerd gegaan by ons plek en die spoor loop na jou huis toe. Die moeilikheid is met ons meisiekind.

*Aan die ander kant van die verhoog ontvang en lees Stone die brief.*

STONE. Hulle vra damage-geld, soveel soos jy kan stuur. Die meisie is 'n weeskind. Sy gaan saam met Bonsile skool, sy is saam met hom in st. 8. Die mense wat die geld vra, sê hulle het haar grootgemaak en nou is sy pregnant deur hom. Bonsile het haar geleerdheid bederf.
MOSIE. Tata-ka-Bonsile het veertig rand gestuur en die mense was tevrede. Maar daar het hierdie tyd 'n groot eensaamheid en verlange in Poppie se hart gekom.

5.10 Skryf die VIER gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer soos wat dit in die drama gebeur.

- Poppie het inslaapwerk by die kwekery gekry.
- Poppie het agt pond 'n maand by Mrs Scobie verdien.
- Mrs Swanepoel het Poppie gehelp om haar pas reg te kry.
- Poppie het by die garage gewerk en by die Union Kollege geleer. (4)

5.11 Wat het in Stone se lewe gebeur voordat Poppie weg is Ciskei toe? (1)

5.12 Kindjie en Fezi het na Stone se dood by Jakkie gaan bly.

Gee 'n feit uit die drama om te sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

5.13 "Almal kom klaar sonder my." (Reël 2)

Hoe kry Poppie dit reg om jou jammer vir haar te laat voel? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

5.14 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (5.14) neer.

"…, dis net Bonsile wat nog steeds sy eie pad geloop het, …" (Reël 4 en 5)

Dit beteken dat hy …

A in opstand was teen die polisie.
B sy eie reëls gemaak en gevolg het.
C steeds die tradisies van sy voorouers gevolg het.
D geglo het die ander jongmense wou hom nie daar hê nie. (1)

5.15 Stone het die damage-geld betaal, want hy en Poppie het altyd die regte ding gedoen.

Waarom kan jy hiermee identifiseer? (1)

5.16 Lees reëls 10 tot 12.

5.16.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die mans wat Poppie kom sien het, was (partydig vir die meisie omdat haar geleenthede weggeneem is/diskriminerend teenoor Bonsile omdat hulle nuwe intrekkers in die omgewing was). (1)

5.16.2 Waarom is die mans se optrede geloofwaardig binne die konteks van die drama? (1)

5.17 "Hulle sê: Iets het verkeerd gegaan by ons plek en **die spoor loop na jou huis toe**." (Reël 10 en 11)

5.17.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Hierdie is 'n voorbeeld van ('n vergelyking/personifikasie). (1)

5.17.2 Wat beteken die vetgedrukte woorde binne die konteks van die uittreksel? (1)

5.18 Wat was die direkte gevolg van Stone se dood vir Poppie? (1)

5.19 Een van die lewenslesse in hierdie drama is dat jy moet aanvaar dat jy alles gedoen het wat jy kon om jou kinders te beskerm.

Noem TWEE positiewe gevolge wat dit vir Poppie gehad het. (2)

5.20 Jou familie se besluite beïnvloed jou lewe ook.

Waarom pas hierdie tema by die slot van die drama? (1)
**[35]**

Downloaded from Stanmorephysics.com


**VRAAG 6: *PALJAS* – Chris Barnard**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS K**

HENDRIK *(met 'n laggie)*: O, so julle twee kattemaai waarvan ons nie weet nie, hè?
NOLLIE: Nee, Oom, sy … sy't weer weggehol … toe –
HENDRIK: Sy moet haar gehollery begin afleer. Hoe gaan sy getroud kom as sy so hol vir al wat 'n broek is! Nee wat, jong, sy weet ook al van beter as om by my te kom kla oor 'n gehollery en 'n gevallery.

20. Klein Willem kom by die kombuis in waar sy ma staan en stryk. Hy kom staan langs haar en kyk op na haar toe.

KATRIEN: Ja, Boetie? *(Hy wys na die stoof toe.)* Wat? *(Hy loop tot by die stoof en wys na die koffiekan.)* Koffie? *(Hy knik.)* Wie? Pa? *(Hy hou twee vingers in die lug.)* Pa en Nollie? *(Hy knik.)* Ja, wag net bietjie, dan vat jy sommer.

21. Op die stoep dirigeer Hendrik vaagweg met sy hand die grammofoonmusiek. Dis Josef Schmidt of een van daardie snare. Dis romantiese, melancholiese musiek: salf vir sy eensame siel. Hendrik sing weer die laaste paar woorde saam. En hy is skielik amper half asof hy bietjie aangedaan is.

HENDRIK: Ek het altyd, toe ek nog na haar gevry het, altyd vir die draadloos geskryf hulle moet vir Katrina die ou dingetjie speel Saterdagaand met die versoeke. Dan speel hulle dit nogal, hoor! Of partykeer dan speel sy dit vir my op die klavier.

6.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) **uit die drama** neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (6.1.1 tot 6.1.4) neer.

Met die aankoms van die nar, (6.1.1) …, het baie dinge begin verander. Willem het elke dag saam met hom in die (6.1.2) … gekuier. Willem het vir hom dik snye (6.1.3) … gevat. Willem het met sy (6.1.4) … gery, dan fluit die nar om sy aandag te kry. Die dorpsmense het gedink hulle was besig met duiwelsgoed. (4)

6.2 Wat het tussen Nollie en Emma gebeur voordat Nollie by Hendrik-hulle kom kuier het? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

6.3 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.3) neer.

"NOLLIE: Nee, Oom, sy … sy't weer weggehol … toe –" (Reël 2)

Die toon in Nollie se stem kan as … beskryf word.

A moedeloos
B gelukkig
C tevrede
D kwaad (1)

6.4 Waarom het Willem handgebare gebruik? (Reël 9 en 10) (1)

6.5 " … **salf vir sy eensame siel**." (Reël 12 en 13)

6.5.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Dit is 'n voorbeeld van 'n (vergelyking/metafoor). (1)

6.5.2 Wat beteken die vetgedrukte woorde binne die konteks van die drama? (1)

6.6 "…, altyd vir die draadloos geskryf hulle moet vir Katrina die ou dingetjie speel Saterdagaand …" (Reël 15 en 16)

6.6.1 Waarna verwys "die ou dingetjie"? (1)

6.6.2 Wat beteken hierdie aanhaling binne die konteks van die uittreksel? (1)

6.7 Die dinge wat mense doen, het altyd gevolge.

Kies die gevolg uit KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (6.7.1 tot 6.7.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 6.7.1 | Hendrik wou Katrien weghou van ander mans. | A | Katrien het by Willem in die bed geslaap. |
| 6.7.2 | Hendrik en Katrien het probleme in hulle huwelik gehad. | B | Emma was ontsteld oor die sirkusmans se optrede teenoor haar. |
| 6.7.3 | Katrien het vir haarself blou oorkrabbers gekoop. | C | Hendrik het vir Katrien gesê sy lyk mooi. |
| 6.7.4 | Die McDonalds het gereed gemaak vir die Volstruisdans. | D | Willem het sy ouers hoor baklei en weggehardloop. |
| | | E | Die McDonalds het vir die soveelste keer na 'n klein stasietjie toe getrek. |

(4 x 1) (4)

Downloaded from Stanmorephysics.com

6.8 Hendrik en Nollie het gereeld op die stoep saamgekuier.

Gee TWEE voorbeelde van hoe hierdie stoep Nollie se lewe positief beïnvloed het. (2)

6.9 Hendrik het druk op Emma geplaas om te trou, maar sy wou nie na hom luister nie.

Waarom kan jy in hierdie situasie met Emma identifiseer? (1)

**EN**

**TEKS L**

Katrien gaan leun met haar hande op die buffet. Sy staan net vir haar hande en kyk.
Dis duidelik almal is nog stom van skok.
Hendrik hang sy baadjie aan die kapstok.

KATRIEN *(draai om en mik vir die middeldeur)*: Nag, almal.
HENDRIK: Nee, Katrina. Waar gaan jy?
KATRIEN: Ek gaan slaap.
HENDRIK: Nee.
KATRIEN: Wat dan?
HENDRIK: Ons … kry ons skoon. Ons – Nollie, sit op vir ons 'n plaat. Ons was ons en ons trek aan en – Emma, loop maak jou mooi. Ons sal iets uitdink. Ons gaan nie slaap nie. Ons sal iets uitdink.
EMMA: … Ek moet wat doen?
HENDRIK: Jy't gehoor wat ek gesê het.
EMMA *(ontsteld)*: Ek moet my loop mooimaak? Om te wat? *(Sy is skielik yskoud en woedend.)* Om te wat?
HENDRIK: Ons gaan net aan, Emma; ons maak of niks gebeur het nie.
EMMA: Dis al wat ons doen heeltyd. Ons maak of niks gebeur het nie.
HENDRIK: Wat, wil jy weer op 'n hoop loop sit?
EMMA: Kyk hoe lyk Ma – lyk dit vir Pa of niks gebeur het nie? Kyk hoe lyk ons almal!
HENDRIK *(meer verbaas as iets anders)*: Emma!
EMMA *(nou onbeheersd kwaad)*: Hulle jaag ons soos melaatses van die Volstruisdans af weg, maar ons moet maak of niks gebeur het nie.
HENDRIK: En wat doen jy? Jy hol in die veld in.
EMMA: Hoekom sit ons op hierdie gat-stasietjie, Pa? Ek vra – hoekom? Oor niks gebeur het nie?

6.10 Skryf die VIER gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer soos wat dit in die drama gebeur.

- Willem het die nar vermaak en probeer om hom te laat lag.
- Die dorpsmense het vir die McDonalds om verskoning gaan vra.
- Emma het Willem op die stoep gekry waar hy gelê en slaap het.
- Emma het gesê die gesin moet praat oor dinge wat belangrik is. (4)

Downloaded from Stanmorephysics.com

6.11 Lees reëls 1 tot 6.

6.11.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Katrien het innerlike konflik ervaar, want (sy het nie geweet wat hulle nog moes doen om aanvaar te word nie/Hendrik het weer met almal baklei). (1)

6.11.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 6.11.1. (1)

6.12 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (6.12) neer.

"Wat, wil jy weer op 'n hoop loop sit?" (Reël 18)

Dit beteken dat Hendrik dink Emma gaan soos altyd …

A weier om met Nollie te praat.
B probeer om Willem te beskerm.
C van die probleem weghardloop.
D vir lang tye buite op die koppie sit. (1)

6.13 Waarom kan 'n mens sê dat Hendrik in hierdie situasie reg opgetree het? (1)

6.14 "Hulle jaag ons soos melaatses van die Volstruisdans af weg …" (Reël 21 en 22)

6.14.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Hierdie woorde bewys dat Emma gedink het dat die dorpsmense (bevooroordeeld is teenoor mense wat anders as hulle is/teen arm mense gediskrimineer het.) (1)

6.14.2 Waarom is dit wat Emma dink geloofwaardig binne die konteks van die drama? (1)

6.15 Jan Mol was die eerste persoon wat vir die McDonalds om verskoning gevra het.

Noem 'n feit uit die drama om te sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

6.16 Wat was die direkte gevolg van die Volstruisdans vir Nollie? (1)

6.17 Hou die hele uittreksel in gedagte.

Hoe kry Emma dit reg om jou te laat voel dat sy baie kwaad is? (1)

6.18 Waarom laat hierdie hele situasie jou goed voel as jy dink aan die probleme wat die gesin al oor 'n lang tyd het? (1)

6.19 Een van die lewenslesse in hierdie drama is dat jy dit wat jy geleer het met ander mense kan deel.

Noem TWEE positiewe gevolge wat dit vir Willem gehad het. (2)

6.20 Liefde bring mense nader aan mekaar.

Waarom pas hierdie tema by die slot van die drama? (1)
**[35]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

**VRAAG 7: *FIELA SE KIND – DIE DRAMA* – Dalene Matthee**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS M**

BARTA *(skrik haar oorhoeks)*: Opsoek?
ELIAS *(vinnig)*: Loop drink 'n bietjie water, vrou. *Mister* Kapp, ek sê jou vandag hier in my huis, en jy kan dit vir die magistraat ook loop sê: as sy hier by mý kom moeilikheid maak, gaat ek self moeilikheid maak. My vrou sal dit nie kan staan nie.
KAPP: Die magistraat het gesê julle moet praat as sy dalk hier kom lol.
ELIAS: Dis reg, *mister*, ek sal so maak.
KAPP: Waar's die kinders, Van Rooyen?
ELIAS: Weet nie wanneer hulle weer huis kry nie. Hang af. Dié meisiekind van my is mos nes 'n bok oor die Bos. *Mister* kom mos dikwels op die dorp, *mister* moet tog vir my uitluister of daar nie van die Engelse is wat 'n kinderwagter soek nie. Verniet wil ek haar nie graag verhuur nie, maar as hulle haar 'n stukkie klere en so aan gee, sal ons regkom met die prys.
KAPP: Ek sal verneem. *(Pouse.)* Hoe lank skat jy gaan die kinders nog wegbly?
ELIAS: Moeilik om te sê, *mister* Kapp. Moeilik. *(Lang pouse.) Mister* kan die magistraat met 'n skoon gemoed loop sê dat dit goed gaan met hom. Ek meen, hy's mos nou darem onder sy eie mense.
KAPP: Ek sal vir hom sê. Nou ja, dan loop ek dan maar eers.
*Hulle groet. KAPP af.*
BARTA: As Lukas vandag hier was, was jy in die moeilikheid, ...

7.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) **uit die drama** neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (7.1.1 tot 7.1.4) neer.

Na (7.1.1) … jaar as Fiela se kind, moes Benjamin saam met die Van Rooyens Bos toe gaan. Benjamin het die kinders (7.1.2) … wat aan hom gevat het. Tant (7.1.3) …, een van die buurvrouens, het gesê hulle moet hom uitlos, want hy was moeg. Sy suster wou hom dadelik van haar geheim vertel. Haar geheim was die (7.1.4) … wat sy weggesteek het. (4)

7.2 Waarom het Barta so groot geskrik? (Reël 1) (1)

7.3 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.3) neer.

Lees reëls 2 tot 4.

Die toon in Elias se woorde in hierdie reëls kan as … beskryf word.

A respekvol
B aggressief
C hartseer
D kalm (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

7.4 "Die magistraat het gesê julle moet praat as sy dalk hier kom lol." (Reël 5)

7.4.1 Na wie verwys "sy"? (1)

7.4.2 Wat beteken hierdie aanhaling binne die konteks van die drama? (1)

7.5 "**Dié meisiekind** van my is mos **nes 'n bok oor die Bos**." (Reël 8 en 9)

7.5.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Dit is 'n voorbeeld van 'n (metafoor/vergelyking). (1)

7.5.2 Wat beteken die vetgedrukte woorde binne die konteks van die drama? (1)

7.6 Die meisiekind hét later werk as kinderwagter gekry.

Noem 'n feit uit die drama om te sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

7.7 "As Lukas vandag hier was, was jy in die moeilikheid, ..." (Reël 19)

Barta het niks gesê toe Elias oor Lukas gelieg het nie.

Waarom kan jy met Barta se optrede identifiseer? (1)

7.8 Voordat Lukas en Nina uit die Bos teruggekom het, het iets by Elias-hulle se huis gebeur. Wat het gebeur? (1)

7.9 Hoe kry Elias dit reg om jou as leser negatief teenoor hom te laat voel? (1)

7.10 Die dinge wat mense doen, het altyd gevolge.

Kies die gevolg uit KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (7.10.1 tot 7.10.4) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 7.10.1 | Nina het Lukas gehelp om die pad uit die Bos te kry. | A | Elias het vir Lukas gesê dat Barta sy ma is. |
| 7.10.2 | Kapp moes gaan kyk hoe dit met Lukas in die Bos gaan. | B | Lukas het besef dat hy 'n liefde vir die see het. |
| 7.10.3 | Fiela het Benjamin se goed Bos toe gevat. | C | Lukas het vinnig geleer hoe om met die hout te werk. |
| 7.10.4 | Elias het vir Lukas gestuur om vir Nina op Knysna te gaan soek. | D | Elias het die kans gebruik om vir Nina werk op die dorp te probeer kry. |
| | | E | Elias het die kinders fisies gestraf. |

(4 x 1) (4)

**EN**

Downloaded from Stanmorephysics.com

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS N**

WEATHERBURY *(agterdogtig; kortaf)*: Waarom wil jy haar geld kom haal?
LUKAS: Wel ... ee ... dis eintlik my pa wat die geld laat haal.
WEATHERBURY: Julle kan nie sommer elke maand al haar geld kom haal nie. Ek sal dit nie toelaat nie!
LUKAS: U verstaan nie, *miss* Weatherbury. Bosmense is anders. Alles word saam in een hand gegooi.
WEATHERBURY: Nina is nie meer in die Bos nie. Ek kan dus nie sien waarom julle nog haar geld wil hê nie.
LUKAS: Ek ook nie eintlik nie.
NINA *verskyn agter MISS* WEATHERBURY *in die deur.*
LUKAS: Middag, Nina.
NINA: Hoe't julle geweet waar ek is?
LUKAS: Iemand op die dorp het my gesê.
NINA: Weet Pa-hulle?
LUKAS: Nog nie.
NINA *(kwaai)*: Jy loop sê nie waar ek is nie! Jy hou jou bek, Lukas van Rooyen.
WEATHERBURY: Christina! Praat ordentlik!
NINA: Jy loop sê nie jy het my gekry nie. Ek gee nie langer my geld af nie, vir niemand nie. Pa kan sy gat oplig en vir homself werk. *(Pouse.)*
LUKAS: Ek het eintlik gekom om jou 'n guns te vra.
NINA: Is jy siek, Lukas?
LUKAS: Nee. Maar vir al die kere wat ek vir jou geskerm het, vir elke keer wat ek jou nie verklap het nie en vir al die bas wat ek vir jou help afkap het, vra ek jou vandag net een keer se hulp.
NINA: Wat?
LUKAS: Gaan huis toe en gaan sê vir Pa ek kom nie terug nie.

7.11 Skryf die VIER gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer soos wat dit in die drama gebeur.

- Terwyl Elias siek gelê het, het Barta erken dat sy in die hof gelieg het.
- Lukas het vir Kaliel gevra om hom van die see te leer.
- Die Komoeties het vir Lukas 'n brief geskryf om te sê hulle bid vir hom.
- Lukas het vir Fiela van sy liefde vir Nina vertel. (4)

7.12 "Bosmense is anders. Alles word saam in een hand gegooi." (Reël 5 en 6)

7.12.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Hierdie woorde van Lukas sê vir ons dat Bosmense (ander mense manipuleer om hulle te help/gestereotipeer word omdat hulle anders werk met hulle geld). (1)

7.12.2 Waarom is Lukas se woorde geloofwaardig binne die konteks van die drama? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

7.13 Konflik is belangrik in enige drama.

7.13.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Lukas ervaar innerlike konflik, want hy (moes Elias se opdragte uitvoer/was nie seker of hy vir Nina moes vra om na Elias-hulle toe te gaan nie.) (1)

7.13.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.13.1. (1)

7.14 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (7.14) neer.

"Pa kan sy gat oplig en vir homself werk." (Reël 19)

Dit beteken dat Nina sê ...

A haar pa moenie maak of hy te siek is om te werk nie.
B Elias moet ophou om te verwag dat sy kinders al sy werk moet doen.
C haar pa moenie sit en planne maak om olifante te skiet vir ivoor nie.
D Elias moet nie meer vir ander mense werk nie. (1)

7.15 Wat was die direkte gevolg vir Nina toe sy terug is Bos toe? (1)

7.16 Die dorp het deel van Nina se lewe geword.

Gee TWEE voorbeelde van hoe die dorp Nina se lewe positief beïnvloed het. (2)

7.17 Waarom laat Lukas se woorde in reëls 22 tot 24 jou goed voel? (1)

7.18 Een van die lewenslesse in hierdie drama is dat 'n mens altyd na die waarheid moet soek.

Noem TWEE positiewe gevolge wat dit vir Fiela gehad het. (2)

7.19 Waarom kan 'n mens verstaan dat *miss* Weatherbury Nina wou beskerm? (1)

7.20 Mense kry baie keer die kans om verkeerde dinge reg te stel.

Waarom pas hierdie tema by die slot van die drama? (1)
**[35]**

**TOTAAL AFDELING B: 35**

Downloaded from Stanmorephysics.com


## AFDELING C: KORTVERHALE

Beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale wat jy bestudeer het.

## VRAAG 8: *SPIEËLBEELDE*

### 8.1 "KOM ONS STUUR VIR TASU" – Maretha Maartens

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS O**

"Sal Ma ... sestig rand kan bymekaarskraap?" vra Tasu.

"Daarvan kan ek vergeet," sê Ma.

"Kan ons nie sestig rand iewers leen nie?" vra Tasu.

Ma se kop ruk. "Ek leen by niemand geld nie," sê sy.

"Kom ons verkoop iets," stel Tasu voor. "Eiers of iets."

"Ons eet self ons hoenders se eiers," sê Ma. "Dit hou julle mage darem vol."

Skielik onthou Tasu van sy sewe-en-vyftig botteltjies vol tieroogklippe.

Nee, nee, dink hy dadelik. Ek gaan nie aan my botteltjies tieroë dink nie. Ek het te hard gewerk om hulle almal vol te kry. Sterkman het my gemóór, ek het my besimpeld gewerk, net om sy ou slypsteen te kon gebruik. Ek het gesweet en gebárs om daardie oë uit die klippe te haal.

Maar omdat hy so lief is vir sy vet, goeie ouma, sê sy mond die dinge wat sy hart nie wil sê nie: "Ek het baie botteltjies vol tieroë, Ma. Ek sal by die petrolpomp gaan staan, waar die mense brandstof ingooi. Ek sal tieroë verkoop totdat daar genoeg geld is om vir die taxi te betaal."

En dis toe wat Tasu doen.

Nes die mense stilhou om brandstof vir die ver pad in te gooi, wys Tasu die botteltjies vol tieroë vir hulle.

8.1.1 VOLTOOI die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) **uit die kortverhaal** neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (8.1.1(a) tot 8.1.1(d)) neer.

Tasu het saam met sy familie in (a) ... gewoon. Sy suster het vir hom gaan sê dat sy ma oor hulle ouma (b) ... het. Toe Tasu gaan hoor wat aangaan, het sy ma gesê dat Ouma se (c) ... op is. Evelina het voorgestel dat sy en Tasu met oom (d) ... se taxi na Ouma toe moes gaan, maar Tasu se ma wou nie vir Evelina stuur nie. (4)

8.1.2 Waarom kon Sterkman nie na Ouma se huis toe gaan nie? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

8.1.3 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (8.1.3) neer.

Lees reëls 1 tot 7.

Die toon in Tasu se ma se stem kan as ... beskryf word.

A ernstig
B entoesiasties
C spottend
D opgewonde (1)

8.1.4 Wat het Sterkman vir Tasu gesê voordat hy met die taxi weg is? (1)

8.1.5 Sterkman se woorde het innerlike konflik by Tasu veroorsaak.

(a) Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Tasu het innerlike konflik gehad, want (die taxi waarin hulle sou ry, was heeltemal te vinnig/hy het onthou van die slegte ervaring toe daar baie mense saam met hom was). (1)

(b) Motiveer jou antwoord op VRAAG 8.1.5(a). (1)

8.1.6 Die dinge wat mense doen, het altyd gevolge.

Kies die gevolg uit KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (8.1.6(a) tot 8.1.6(d)) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| (a) Sterkman het sy gereedskap mooi opgepas. | A Pa kon nie vir Ouma medisyne vat nie. |
| (b) Die motor se bande en remme kon nie herstel word nie. | B Tasu het presies geweet wat om Sondag te doen. |
| (c) Tasu het soos 'n vasgekeerde muis tussen al die mense in die taxi gevoel. | C Tasu het niks van Perdebergstasie geweet nie. |
| (d) Die taxibestuurder het mooi na Tasu gekyk. | D Tasu kon net onder toesig sy tierogies slyp. |
| | E Een van die ander passasiers het probeer om Tasu beter te laat voel. |

(4 x 1) (4)

Downloaded from Stanmorephysics.com


8.1.7 Die ruimte in die taxi was baie klein en beknop.

Gee TWEE voorbeelde van hoe Tasu se besluite daardie dag sy lewe positief beïnvloed het. (2)

8.1.8 Waarom kan 'n mens sê dat Tasu se ma 'n verantwoordelike mens is? (1)

8.1.9 Tasu het sy droom om 100 botteltjies met tieroë vol te maak, laat gaan.

Waarom kan jy met Tasu identifiseer? (1)

8.1.10 Moeilike situasies maak jou sterker.

Waarom pas hierdie tema by die slot van die kortverhaal? (1)

**EN**

8.2 **"OPDRAG" – Rike Olivier**

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS P**

*Orraait.* Maar wat sou háár "boodskap" dan wees?

Liefste Gerrie, kyk na my. Ek is sewentien. My ouma was sestien toe sy getroud is. Sy't nooit gaan leer nie, al wou sy dalk? My oupa was haar eerste kêrel, so sê my ma, en hulle was mal oor mekaar en die opsitkers het kleinklein gebrand, glo, met die vryery vooraf … Sy't later agt kinders gehad. Sy't nooit wakker moes lê oor die mag en die mag-nie. Maar dit was my óúma.

Wat maak ék met hierdie verskriklike lief wees vir jou as ek my nie kan commit nie? Ek is bang dat jou en my paadjies anderdag nie meer sal saamloop nie. Ek is bang vir die seer van ghoebaai. Ek is bang vir die breek van iets wat heel moes gebly het, want ek kan nie met my lyf vir jou lief wees net vir nou nie.

Sê jy verstaan dit, lief? Dat ons tussen "nou" en "trou" moet kan saamleef met onsself om somehow te oorleef? Vir later, vir 'n "morning after" wat goed sal wees, agterna?

AANBEVELING
*P v W word aanbeveel vir aankope deur Bib om te dien as vertrekpunt by besprekings, bv. in Voorligtingsklasse.*

So, so kaal soos "tienerseks".

Downloaded from Stanmorephysics.com

8.2.1 Skryf die VIER gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer soos wat dit in die **kortverhaal** gebeur.

- Sarah het haar feite met E se situasie begin.
- Jordaantjie het altyd gesorg vir iets wat anders is.
- Sarah het gehoop Jordaantjie sou tussen die reëls kon lees.
- Sarah het besef sy worstel eintlik met haar gevoelens vir Gerrie. (4)

8.2.2 "Ek is sewentien. My ouma was sestien toe sy getroud is." (Reël 2 en 3)

(a) Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Hierdie gedagtes van Sarah sê vir ons dat vroue (gestereotipeer is om jonk te trou en kinders te hê/ gemanipuleer is om nie waarde te heg aan skoolopleiding nie). (1)

(b) Waarom is Sarah se gedagtes geloofwaardig binne die konteks van die kortverhaal? (1)

8.2.3 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (8.2.3) neer.

"... die breek van iets wat heel moes gebly het, ..." (Reël 9 en 10)

Dit beteken dat …

A jy nie spyt moet voel oor gebroke verhoudings nie.
B jy moet doen wat jý dink die regte ding is om te doen.
C jy nie dinge moet doen wat 'n verhouding benadeel nie.
D almal nie dieselfde dink oor wat goed is vir 'n verhouding nie. (1)

8.2.4 Sarah het haar notas weggegooi nadat sy die opdrag voltooi het.

Noem 'n feit uit die kortverhaal om te sê waarom hierdie steling ONWAAR is. (1)

8.2.5 "*P v W word aanbeveel ...*" (Reël 15)

(a) Waarna verwys hierdie *P v W* in die kortverhaal? (1)

(b) Waarom beveel Sarah hierdie boek aan? (1)

8.2.6 "So, **so kaal soos 'tienerseks'** ". (Reël 17)

(a) Dit is 'n voorbeeld van 'n (metafoor/vergelyking). (1)

(b) Wat beteken die vetgedrukte woorde binne die konteks van die kortverhaal? (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com

8.2.7 Sarah het baie oor hierdie Afrikaanse opdrag gedink.

Watter direkte gevolg het dit vir Sarah gehad? (1)

8.2.8 Waarom laat hierdie "gesprek" in die kortverhaal jou goed voel as jy aan tienerverhoudings dink? (1)

8.2.9 Een van die lewenslesse in die kortverhaal is dat keuses gevolge het.

Noem TWEE positiewe gevolge wat die boek wat Sarah gelees het, op haar lewe gehad het. (2)

8.2.10 Hoe kry Sarah dit reg om jou jammer vir haar te laat voel oor al haar vrae oor tienerseks? (1)

**TOTAAL AFDELING C: 35**

Downloaded from Stanmorephysics.com


## AFDELING D: GEDIGTE

Beantwoord die vrae oor AL TWEE gedigte uit die bundel wat jy bestudeer het.

## VRAAG 9: *VERSKUNS VIR EERSTE ADDISIONELE TAAL*

### 9.1 "KRISIS" – Elizabeth Eybers

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**KRISIS – Elizabeth Eybers**

Dis hier wat ons twee skei - jy, Hart, en ek,
albei tot afskeid so onvoorbereid.
Die weg was lieflik waarlangs jy gelei't
maar dis verby, al staar jy terug. Nou strek
die pad langs klowe, afgrond en moeras.
Voortvarend en 'n lafaard soos altyd
en nooit in staat tot enige besluit
en siek daarby, is jy nou net 'n las.

Jy was die gas en gasheer by die fees,
die seremoniemeester en die nar:
jou dwase raad kan net die Hoof verwar
waar elke tree die laaste tree mag wees.
Kyk, dit word laat, die kermis is verby,
kan jy dit nie begryp? Hier moet ons skei.

[Uit: *Versamelde gedigte*, Human & Rousseau en Tafelberg, 1980]

9.1.1 Wie is die spreker in hierdie gedig? (1)

9.1.2 Skryf EEN woord uit strofe 1 neer wat vir ons sê dat die Hoof en die Hart nie reg is vir die skeiding nie. (1)

9.1.3 Gee TWEE redes waarom die Hoof voel dat die Hart 'n "las" is. (2)

9.1.4 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (9.1.4(a) en 9.1.4(b)) neer.

Die Hart sukkel om die skeiding te aanvaar. Die Hart kies om die goeie tye te (a) (onthou/vergeet). Die Hoof is kwaai en verduidelik (b) (rustig/ongeduldig) vir die Hart dat die Hart moet verstaan dat hulle tyd verby is. (2)

9.1.5 Watter tegniek gebruik die digter om die Hoof en die Hart as mense voor te stel? (1)

9.1.6 Watter negatiewe impak het die Hart volgens reël 7 op die Hoof gehad? Verduidelik dit in jou eie woorde. (1)

Downloaded from Stanmorephysics.com


9.1.7 Lees strofe 2.

Die Hoof stem nie altyd saam met die advies wat die Hart gee nie.

Haal TWEE OPEENVOLGENDE woorde aan om te sê waarom die stelling WAAR is. (1)

9.1.8 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (9.1.8) neer.

"..., die kermis is verby," (Reël 13)

Met hierdie woorde bedoel die Hoof dat ...

A die probleme nou opgelos is.
B die spreker nie meer konflik wil hê nie.
C daar weer volgende jaar kermis gehou sal word.
D dit tyd is om huis toe te gaan. (1)

9.1.9 Beskryf die pad wat die Hoof en die Hart geloop het deur die volgende vier gebeure in die korrekte VOLGORDE neer te skryf.

- Die Hoof het die Hart nie meer nodig nie.
- Die Hoof en die Hart se pad saam het sleg begin word.
- Hulle het aan die einde van hulle pad saam gekom.
- Die pad wat die Hoof en die Hart saamgeloop het, was mooi. (4)

9.1.10 Lees weer reël 1 en die laaste vier woorde van die gedig.

Waarom is die herhaling van die skei-idee effektief? (1)

9.1.11 Waarom kan jy met die innerlike konflik in die gedig identifiseer? (1)

9.1.12 Waarom kan ons sê dat die titel, "Krisis", by die inhoud van die gedig pas? (1)

**EN**

Downloaded from Stanmorephysics.com


9.2 **"KEN JY DIE SEE ..." – Uys Krige**

Lees die gedig hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**KEN JY DIE SEE … – Uys Krige**

Ken jy die see, Meneer, ken jy die see?
Hy lyk nou soos jou voorstoep blinkgeskuur
en kalm soos min dinge hier benee,
maar hy's gevaarliker as vlam of vuur.

Dan sê jy nog, Meneer, die vis is duur.

Dié vrede, kalmer as 'n stil, soet kind,
lyk of dit dae, dae lank sal duur.
Maar word dié bries 'n bulderende wind,
dan veg jy vir jou lewe, uur na uur.

En *jy* sê nog, Meneer, die vis is duur.

Ja, sleep die swart, swart wind die swart nag mee,
waar kry ons hulp dan, waar's ons naaste buur?
Die Dood staan voor die deur. Gee hy nog net één tree,
dan kelder hy ons almal in sy koue skuur.

En *jy* sê nog, Meneer, die vis is duur.

Wat van die storms wat nooit ophou raas?
Jy sit pal in jou kliphuis, klam en guur,
en hoor die wind al woester, wreder blaas.
En daar's geen sprokkel hout meer vir jou vuur.

Dan sê jy nog, Meneer, die vis is duur.

Was jy al van jou bootjie soos 'n veer gevee
deur 'n grys golf hoog soos 'n tronk se muur.
Wat help dit om te spartel en te skree: "Nee! Nee!"
sluk jy eers daardie waters sout en suur?

Dan sê jy nog, Meneer, die vis is duur.

Ken jy die doodsangs as die rukwind klap?
Dié waansin ken geen redmiddel of kuur.
Hy vreet mos aan jou ingewande nes 'n krap.
Hy's koud soos ys, heet soos hellevuur!

Dan sê jy nog, Meneer, die vis is duur.

Downloaded from Stanmorephysics.com


Ken jy die see, Meneer, ken jy die see?
Hy wat met groen jaloerse oë na ons gluur,
ons wat net één ou misstappie moet gee
en hy kom tromp-op op ons afgestuur!

Dan sê jy nog, Meneer, die vis is duur.

Sien jy die krom ou vroutjie daar, mevrou Mathee,
wat telkens ver, vér oor die golwe tuur?
Sy dink dié briesie bring haar seuns betyds vir tee.
Hul slaap aldrie agter die kerkhofmuur.

Dan sê jy nog, Meneer, die vis is duur ...

[Uit: *Versamelde gedigte*, JL van Schaik, 1985]

9.2.1 VOLTOOI die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woorde **uit die gedig** neer te skryf. Skryf slegs die woord langs die vraagnommers (9.2.1(a) tot 9.2.1(d)) neer.

Die spreker vertel vir Meneer dat dit moeilik is om 'n visserman te wees. Wanneer hulle in die donker op die woeste see is, wag die Dood vir hulle en daar is geen (a) ... nie. As die storms vir hulle te erg is om uit te gaan, moet hulle (b) ... in die huis bly. Die golwe raak baie hoog, dan word hulle gou van hulle (c) ... afgevee. Die spreker verstaan nie hoe Meneer kan sê die vis is te (d) ... nie. (4)

9.2.2 In strofe 1 is daar 'n duidelike kontras. Verduidelik die kontras in jou eie woorde. (2)

9.2.3 Waarom gebruik die spreker in reël 12 die woord "buur" en nie "bure" nie? (1)

9.2.4 Waarom maak die digter in reël 23 van die direkte rede gebruik? (1)

9.2.5 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (9.2.5) neer.

"... één ou misstappie" (Reël 33)

Die gebruik van die verkleinwoord is om te ...

A sê dat die spreker hartseer is.
B sê dat die spreker sarkasties is.
C hoop dat Meneer sal ophou kla oor die prys.
D sê dat die kleinste foutjie die vissermanne kan laat sterf. (1)

9.2.6 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommers (9.2.6(a) tot 9.2.6(c)) neer.

Die spreker se toon is (a) (vriendelik/ontevrede), want hy voel dit is (b) (regverdig/onregverdig) dat die mense wat die vis koop, oor die prys kla. Deur die refrein (c) (beklemtoon/bevraagteken) die spreker sy gevoel. (3)

Downloaded from Stanmorephysics.com


9.2.7 Kies die begrip uit KOLOM B wat by die aanhaling in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (9.2.7(a) tot 9.2.7(c)) neer.

| **KOLOM A** | **KOLOM B** |
|---|---|
| (a) "rukwind klap" | A alliterasie |
| (b) "**w**oester, **w**reder" | B personifikasie |
| (c) "grys golf hoog soos 'n tronk se muur" | C 'n metafoor |
| | D 'n vergelyking |

(3 x 1) (3)

9.2.8 Die meneer kla dat die vis duur is.

Watter les kan jy by die meneer in die gedig leer? (1)

9.2.9 Lees reël 37 en 38.

Motiveer waarom jy met mevrou Mathee kan simpatiseer. (1)

9.2.10 Waarom is die storie van mevrou Mathee se drie seuns 'n gepaste slot vir hierdie gedig? (1)

**TOTAAL AFDELING D: 35**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou

Downloaded from Stanmorephysics.com

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2**

**NOVEMBER 2025**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 70**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 37 bladsye.**

Downloaded from Stanmorephysics.com

**INHOUDSOPGAWE**

Kies TWEE afdelings.


**AFDELING A: ROMAN**

**Beantwoord slegs EEN vraag.**

| VRAAGNOMMER | PUNTE | BLADSYNOMMER |
|---|---|---|
| 1. *Kringe in 'n Bos* | 35 | 4 |
| 2. *Die Ongelooflike Avonture van Hanna Hoekom* | 35 | 7 |
| 3. *Meeulanders* | 35 | 11 |
| 4. *Lien se Lankstaanskoene* | 35 | 14 |

**AFDELING B: DRAMA**

**Beantwoord slegs EEN vraag.**

| | | |
|---|---|---|
| 5. *Poppie – Die Drama* | 35 | 18 |
| 6. *Paljas* | 35 | 21 |
| 7. *Fiela se kind – Die Drama* | 35 | 25 |

**AFDELING C: KORTVERHALE**

**Beantwoord vrae oor AL TWEE kortverhale.**

| | | |
|---|---|---|
| 8.1 "Kom ons stuur vir Tasu" | 18 | 30 |
| **EN** | | |
| 8.2 "Opdrag" | 17 | 31 |

**AFDELING D: GEDIGTE**

**Beantwoord vrae oor AL TWEE gedigte.**

| | | |
|---|---|---|
| 9.1 "Krisis" | 17 | 34 |
| **EN** | | |
| 9.2 "Ken jy die see …" | 18 | 36 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

**NASIENRIGLYNE**

- As 'n kandidaat in AFDELING A en B meer as een vraag beantwoord het, word net die eerste vraag per afdeling nagesien en 'n streep word deur die tweede vraag getrek.

- Indien net TWEE vrae in EEN afdeling beantwoord is, word slegs die eerste vraag nagesien.

- As 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.

- As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyne nagesien.

- As 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word die antwoord as verkeerd beskou. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word die antwoord as korrek beskou. Indien die woord in dialekvorm is, word dit aanvaar.

- By aanhalings word spelfoute en leestekenfoute nie gepenaliseer nie, maar woordorde moet korrek wees.

- As 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

- By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir JA/NEE/ EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie. As JA/NEE gestel is, moet die motivering daarby aansluit om die punt te verdien.

- Indien die kandidaat antwoorde met Engelse woorde in gee, druk die Engelse woorde toe en kyk of dit die antwoord beïnvloed. Indien nie, sien die antwoord na. 'n Uitsondering is die Engelse terminologie of woordeskat in die voorgeskrewe werke.

- Indien vergelyking, innerlike konflik, kontras, ooreenkoms, verskil, verband of verandering gevra word, verdien die kandidaat 1 punt indien slegs een kant gestel word en 2 punte indien albei kante gestel word. Indien die kandidaat se antwoord die verskil na beide kante omskryf, m.a.w. die een antwoord sluit beide kante in, word 2 punte toegeken.

- Indien 'n verduideliking gevra word, moet die denkprosesse van die kandidaat gevolg word om te bepaal of die antwoord gegee is. Moenie slegs die eerste sin nasien nie. Indien 'n feitefout die argument beïnvloed of omvergooi, word daar nie verder gelees nie. Indien die feitefout onbenullig is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

- By aanhalings moet opdragte uitgevoer word, byvoorbeeld EEN WOORD beteken slegs een woord. Dit kan uitgelig word (aanhalingstekens, hoofletters, onderstreep).

- Indien die kandidaat twee of meer feite moet gee, kan dit in ('n) sin(ne) of met kolpunte gegee word. Sien eerste twee feite na ongeag horisontaal of vertikaal.

Downloaded from Stanmorephysics.com

## AFDELING A: ROMAN

### VRAAG 1: *KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 1.1.1 | twee | 1 |
| 1.1.2 | Osborne | 1 |
| 1.1.3 | Knysna | 1 |
| 1.1.4 | apotheek/apteek | 1 |
| 1.2 | • Saul en sy pa het baklei.<br>• Saul wou nie langer 'n pad loop wat nêrens uitkom nie.<br>• Saul wou nie meer hout kap nie.<br>• MacDonald het vir hom werk/blyplek en kos aangebied.<br>• Saul se pa het hom weggejaag.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.3 | • Kate het die Bos nie regtig geken nie.<br>• Kate was nog nooit in die Bos nie.<br>• Kate was gefassineer deur die Bos/het die Bos deur haar eie verbeelding beleef.<br>• Saul wou nie vir haar alles van die Bos vertel nie.<br>• Kate het net stories oor die Bos gehoor/opgemaak wat vir haar mooi was.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.4.1 | oor wat dit aan die Bos sou doen | 1 |
| 1.4.2 | • Saul wou net altyd die Bos beskerm.<br>• Saul het geweet wat mense aan die Bos kan doen.<br>• Saul was bang as die gerugte oor goud mense lok, sal die olifante, bloubokkies, voëls en bome uitgeroei word.<br>• Saul het besef dat dit konflik in die Bos gaan veroorsaak.<br>• Saul het geweet vreemde mense sou nie omgee vir die Bos nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 1.4.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 1.4.2 te verdien.)* | 1 |
| 1.5.1 | Almal wat geld wou maak/goud wou uithaal/vinnig ryk wou word/die houtkappers.<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.5.2 | • Mense sal enige iets doen om geld te maak.<br>• Dié wat goud soek, sal sonder die regte toerusting gaan grawe vir goud.<br>• Die goud gaan mense onverskillig maak.<br>• As daar geld te maak is, sal mense met hulle kaal hande goud uitgrawe.<br>• Die houtkappers word so verneuk deur die houtkopers dat hul enige iets sal doen om meer geld te verdien.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 1.6 | C/onseker | 1 |
| 1.7 | Saul kon …<br>• op Kate verlief raak.<br>• Engels leer lees.<br>• Engels leer praat.<br>• Sondae iemand hê om mee te praat.<br>• by Kate voel asof hy die wêreld buite die Bos beter kon leer ken.<br>• by Kate boeke kry om te lees.<br>• by Kate die hoekerf koop.<br>• deur Kate oorreed word om nie weg te gaan nie en die Bos te beskerm.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 1.8.1 | C/Kate is met die *Venice* weggestuur Kaap toe. | 1 |
| 1.8.2 | A/Saul kon leer hoe om meubels te maak. | 1 |
| 1.8.3 | D/Saul kon die nuus oor Joram se dood kry. | 1 |
| 1.8.4 | B/Saul het Kate na 'n lang tyd weer gesien. | 1 |
| 1.9 | Ek kan hiermee identifiseer, want …<br>• ek hou ook nie daarvan as mense verkeerde dinge van my dink en sê nie.<br>• dit maak my ook ongelukkig as mense dinge van my sê en dink wat nie waar is nie.<br>• ek hou nie daarvan as mense my onregverdig behandel nie.<br>• ek hou nie daarvan as mense my vals verdink/beskuldig nie.<br>• dit maak seer as mense van my skinder.<br>• ek weet hoe dit voel om 'n buitestander te wees.<br>• ek hou nie daarvan om name genoem te word nie.<br>• dit maak seer om in konflik met my familie te wees omdat ek anders as hulle dink/my eie pad wil loop.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.10 | • Saul se ma en suster is oorlede aan die godsiekte.<br>• Saul het Oupoot vir die eerste keer gesien.<br>• Saul het ontdek dat die bloubokkie se gal nie in sy kop sit nie.<br>• Saul het vir die eerste keer besef dat die dorp nie in die Bos is nie.<br>*(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeurtenis wat op die korrekte plek is.)* | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 1.11 | • Saul het sy goud aan Barkley verkoop.<br>• Saul sou nooit enige besigheid met MacDonald doen nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.12 | • Saul het drie delwers by die rivier gesien.<br>• Saul het gesien hoe twee delwers gedelf het.<br>• Saul het gesien hoe een delwer waghou terwyl die ander delf.<br>• Saul het gesien dat die delwers tent opgeslaan het by die rivier.<br>• Saul het gesien hoe van die delwers gesukkel het om vuur te maak.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 1.13 | B/Bos vernietig is en kans moes kry om te herstel. | 1 |
| 1.14.1 | die Bosmense gestereotipeer het omdat die meeste nie kon lees en skryf nie | 1 |
| 1.14.2 | • Die meeste Engelse kon lees en skryf.<br>• Daar was duidelike klasseverskille tussen die Bosmense en die Engelse.<br>• Die Engelse het 'n hoë premie op skoolopleiding geplaas.<br>• Almal wat nie soos hulle gedink het nie, was vir die Engelse dom.<br>• Die Engelse/Dorpsmense het die Bosmense as "wild and dirty" beskou.<br>• Die Bosmense is deur die houtkopers verneuk omdat hulle nie kon Engels praat, skryf en lees nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.15.1 | vergelyking | 1 |
| 1.15.2 | • Swaarkry was so deel van hulle lewe soos asemhaal deel daarvan was.<br>• Die Bosmense het gedink dit is normaal om swaar te kry.<br>• So nodig as wat jy asem het om te lewe, so moes hulle swaarkry om te kon oorleef.<br>• Hulle het nie geweet hoe om nie swaar te kry nie.<br>• Swaarkry was al wat hulle geken het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.16 | Dit laat my goed voel, want Saul …<br>• het nie van sy familie vergeet nie.<br>• was steeds bekommerd oor sy familie.<br>• het geweet hoe dit voel om net-net te oorleef.<br>• het weer gewys dat bloed dikker as water is.<br>• het geweet kinders van houtkappers het nie keuses nie.<br>• het geweet die kinders het nie skuld gehad hieraan nie.<br>• wou 'n beter lewe vir Jozef se kinders hê.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.17 | • Saul het geld gehad om sy familie te help.<br>• Saul kon eiendom bekostig.<br>• Saul was nou in niemand se mag nie/vir altyd ontslae van MacDonald se houvas op sy familie.<br>• Saul is in die sosiale kringe aanvaar.<br>• Saul het die skewe sirkel verbreek.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 1.18 | Kate kon …<br>• 'n bydrae maak in die opvoeding van arm kinders.<br>• teen haar pa en sy geldmag opstaan.<br>• vir Saul die sekuriteit van eiendom aanbied.<br>• die skewe sirkel verbreek.<br>• vir Saul sê as hy verkeerd was.<br>• verstaan hoekom Saul so bekommerd oor die Bos was.<br>• Saul se respek en liefde terugkry.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 1.19 | • Saul vra baie retoriese vrae.<br>• Saul voel wrewelrig teenoor die houtkappers.<br>• Saul kon nie glo hulle is tevrede met so min nie.<br>• Saul se bekommernis is dat hy geweet het hy gaan dit nie kan verander nie.<br>• Saul druk sy moedeloosheid uit omdat hulle nie anders wil dink nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 1.20 | • Die houtkopers wat mense uitbuit, is gestop.<br>• Die houtkappers soos Jozef het besef dat hulle nie so kon aangaan nie/moes begin om 'n ander pad te loop.<br>• Saul het bewys dat jy die skewe sirkel kan verbreek as jy wil.<br>• Saul se vergifnis het vir sy familie die skewe sirkel van onwaarhede gebreek.<br>• Saul se kringe het 'n positiewe einde gehad.<br>• Selfs die armstes en ongeskoolde mense kon besef dat jy nie die skewe sirkel in jou lewe moet toelaat nie.<br>• Die houtkappers kon ontsnap uit die skewe sirkel deur hul hout aan iemand anders te verkoop.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[35]** |

**VRAAG 2: *DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 2.1.1 | hoetom/hoekom | 1 |
| 2.1.2 | Tibo | 1 |
| 2.1.3 | ingewikkelde/komplekse/aangelapte | 1 |
| 2.1.4 | Bitterberg | 1 |
| 2.2.1 | was bevooroordeeld omdat sy dinge van Margot gehoor het. | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| | | |
|---|---|---|
| 2.2.2 | • Hanna het by Beyers gehoor dat Margot gemaksugtig is/bedien sal wil word.<br>• Hanna het gehoor dat sy haar kinders agtergelaat en Amerika toe getrek het.<br>• Hanna het gehoor dat sy haar kinders drie jaar laas gesien het.<br>• Hanna het nog nie eens vir Margot ontmoet nie en sy is klaar negatief teenoor haar.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.3 | • Hanna het gevoel Sharon moes saam met haar kamer toe gegaan het.<br>• Hanna was jaloers op Sharon en Margot se kuier.<br>• Hanna het gevoel Sharon het vir haar kom kuier/was haar vriendin.<br>• Hanna kon hoor hoe almal lekker saam gekuier het sonder haar.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.4 | Amos was ...<br>• bekommerd dat Margot met al die reën dalk nie daar sou uitkom nie.<br>• bekommerd dat sy gaan verdwaal.<br>• bang sy gaan staan iewers in die reën.<br>• bang daar was niemand om sy ma te help nie.<br>• bekommerd dat sy moontlik in die kar sou moes slaap.<br>• bekommerd dat sy ma hom nie meer sou onthou/nie meer lief vir hom sou wees nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.5.1 | is vreemd en dink anders oor dinge | 1 |
| 2.5.2 | • Hanna het Mana gekritiseer oor haar vreemde kleredrag/ optrede/idees.<br>• Hanna se ma het met verfkwaste in haar hare rondgeloop/was 'n eksentrieke kunstenaar.<br>• Haar ma het nie geglo aan tradisionele rolle vir seuns en dogters nie.<br>• Hanna se ma het vreemde idees gehad oor kinders kry.<br>• Haar ma se keuse van pa's vir haar kinders was vreemd.<br>• Haar ma het met die skoolhoof baklei.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 2.5.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 2.5.2 te verdien.)* | 1 |
| 2.6 | C/negatief | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 2.7 | Hanna kon …<br>• Yann beter verstaan.<br>• die babasussie se geboorte saam met die gesin beleef.<br>• opgewonde gevoel het oor haar sussie se geboorte.<br>• besef het dat Tibo en Amos nie so irriterend is nie.<br>• aktiwiteite/skoonmaak saam met hulle gedoen het.<br>• Gavin leer ken en waardeer.<br>• almal aanvaar het vir wie en wat hulle is.<br>• besef dat sy bevoorreg is om so 'n gesin te hê.<br>• sien dat 'n ware vriendin jou moet kan reghelp.<br>• haar verjaarsdag vir die eerste keer saam met die familie vier en dit geniet.<br>• van haar alter-ego vergeet en net haar lewe aanvaar soos dit is.<br>• sien dat 'n aangelapte gesin kan werk.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 2.8 | Sharon het vir Hanna gewys dat …<br>• daar twee kante aan 'n saak is.<br>• jy nie een ding kan sê en iets anders kan leef nie.<br>• sy nie altyd reg is nie.<br>• sy nie so maklik moet oordeel nie.<br>• jy mense nie net op hulle uiterlike kan beoordeel nie.<br>• jy nie altyd ander mense se hartseer/stories ken nie.<br>• vriendinne van mekaar kan verskil/ook eerlik moet wees met mekaar.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.9.1 | B/Hy het klere aangetrek wat hom soos 'n bosbouer laat lyk het. | 1 |
| 2.9.2 | C/Hy het 'n diskodans op die tafel gedoen. | 1 |
| 2.9.3 | A/Hy het almal laat lag en van die reën laat vergeet. | 1 |
| 2.9.4 | E/Hy het geleer dat mense se behoeftes verskil. | 1 |
| 2.10 | • Hanna het na Pampoen en Patat gaan soek.<br>• Sharon se pa het haar met 'n nuwe 4x4 kom aflaai.<br>• Tibo en Amos het Hanna se gedig gelees.<br>• Margot het Hanna mooigemaak vir haar verjaarsdag.<br>*(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeurtenis wat op die korrekte plek is.)* | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 2.11.1 | 'n vergelyking | 1 |
| 2.11.2 | • Hulle was baie bly/opgewonde/verlig dat alles goed afgeloop het.<br>• Hulle was opgewonde oor die nuwe baba.<br>• Wat hier gebeur het, was vir hulle almal 'n oorwinning.<br>• Hulle was almal ondersteuners van Mana se geboorteproses en het gevoel asof hulle gewen het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 2.12.1 | • Die baba se geboorte<br>• Die geboorteproses<br>• Om geboorte te gee aan jou kind sonder geriewe/op 'n verlate berg<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.12.2 | • Margot het Mana bygestaan tydens haar baba se geboorte.<br>• Mana het nie verwag haar baba sou hier op die berg gebore word nie.<br>• Niemand anders kon Mana help nie.<br>• Almal was bang en histeries, maar Margot het beheer geneem.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.13 | • Mana het die baba Ditjie genoem.<br>• Beyers en Mana het eers na die geboorte daaraan gedink om vir die baba 'n naam te gee wat iets met water te doen het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.14 | C/dadelik lief geraak het vir haar sussie. | 1 |
| 2.15 | • Hanna kon nie ophou kyk vir die nuwe sussie nie.<br>• Hanna het net vasgenael gestaan en staar.<br>• Hanna wou nie gehad het Margot moet haar seermaak nie.<br>• Hanna het gesê dat sy nie wou hê haar sussie moes ooit seerkry nie.<br>• Die gevoel wat Hanna op haar maag gehad het omdat sy dadelik lief was vir haar.<br>• Hanna wou nooit weer weg wees van haar sussie af nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.16 | Dit laat my goed voel, want …<br>• die familie is saam.<br>• die familie voel gelukkig.<br>• almal is daar om mekaar te ondersteun.<br>• 'n nuwe lewe bring vir almal weer hoop.<br>• Mana het in haar doel geslaag om almal nader aan mekaar te bring/mekaar te leer ken.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.17 | Ek kan hiermee identifiseer, want …<br>• ons almal het soms iemand se hulp nodig.<br>• daar was 'n krisis en almal het gehelp.<br>• so iets bring mense nader aan mekaar.<br>• ek het ook al ervaar hoe my familie mekaar help as daar 'n krisis is.<br>• Mana kon nie hierdie ding op haar eie doen nie.<br>• ek sal ook dankbaar wees as iemand my met 'n geboorte help.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 2.18 | • Gavin en Hanna kon met mekaar gesels oor haar geboorte.<br>• Hanna kon by Gavin hoor dat hy gedink het sy was *fabulous.*<br>• Hanna kon uitvind dat Gavin haar Fabienne wou noem.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 2.19 | Margot kon …<br>• betyds in Johannesburg wees vir haar rol.<br>• by haar seuns wees/haar verhouding met Yann/haar kinders verbeter.<br>• bewys dat sy van hulp kan wees.<br>• mense soos Hanna se opinie oor haar verander.<br>• na haar gesprek met Gavin wees wie sy is/glo dat sy nie so 'n slegte ma is nie.<br>• vergeet dat sy altyd die middelpunt moet wees en ander komplimenteer/motiveer.<br>• weer haar vroulikheid vir iemand soos Luke wys.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 2.20 | • In die slot het Hanna besef sy het Fabienne nie nodig nie.<br>• Hanna het besluit om haar boek oor haar werklike lewe te skryf.<br>• 'n Alter-ego is 'n droom, maar die werklikheid is beter.<br>• Hanna het besef al die mense in haar lewe is goed genoeg ten spyte van hulle almal se foute.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[35]** |

**VRAAG 3: *MEEULANDERS* – Esta Steyn**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 3.1.1 | Kaapstad | 1 |
| 3.1.2 | Februarie | 1 |
| 3.1.3 | Mama-Meeu | 1 |
| 3.1.4 | trommeltjie | 1 |
| 3.2 | C/rustig | 1 |
| 3.3.1 | die vuur het haar aan dinge laat dink wat sy liewer wou vergeet. | 1 |
| 3.3.2 | • Die vuur het haar laat onthou van die trauma van die aand met Vincent en Ronnie se dood.<br>• Ryna het gedink sy was klaar met die dinge van die verlede en nou onthou sy alles so duidelik.<br>• Die dink aan die verlede het weer al die rou wonde oopgemaak.<br>• Die verlede was so diep weggebêre totdat die vuur alles weer opgeroep het.<br>• Ryna het Meeuland toe gekom om ontslae te raak van die dinge van die verlede, nou gebeur dit hier waar sy veilig gevoel het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 3.3.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 3.3.2 te verdien.)* | 1 |
| 3.4 | • Jacob het gedink Ryna het alles met Attie gedeel.<br>• Ryna en Attie het soveel dinge saam gedoen.<br>• Attie was Ryna se vertroueling.<br>• Jacob was jaloers op Ryna en Attie se vriendskap.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 3.5 | • Hulle het by Ryna gaan eet.<br>• Ryna het smoorsnoek gemaak en hulle genooi om saam te eet.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.6 | Ryna is in (Silkwood)-kliniek opgeneem (vir trauma-behandeling).<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.7.1 | D/Jacob het Meeuland toe gevlug. | 1 |
| 3.7.2 | A/Janka het sonder 'n ma grootgeword. | 1 |
| 3.7.3 | B/Jacob het besef dat hy lief geword het vir Ryna. | 1 |
| 3.7.4 | E/Janka se Kersdag het tragies geëindig. | 1 |
| 3.8 | Dit laat my goed voel, want …<br>• Ryna het Jacob nodig gehad en hy het gehelp.<br>• Jacob was 'n goeie man.<br>• Jacob het gewys dat hy simpatie met ander het.<br>• Jacob het die regte ding gedoen.<br>• Jacob kon wys wie hy regtig is.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.9 | • Die feit dat sy op 'n klein hopie gaan sit het.<br>• Haar liggaam wat geruk het.<br>• Haar gesmoordheid en doodse stem.<br>• Die huiwering (ellipse) as sy van Vincent en Ronnie gepraat het.<br>• Die feit dat sy nie nou en ook nie weer daaroor wou praat nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.10 | • Ryna kon haar eie plekkie inrig soos sy wou.<br>• Ryna kon 'n tuiste vir Janka skep.<br>• Ryna kon beleef hoe mense jou help omdat hulle wil.<br>• Ryna kon etes vir Attie, Jacob en Janka voorberei.<br>• Ryna kon uiteindelik met Jacob oor haar verlede praat.<br>• Ryna het nie nodig gehad om saam met ander/in die hoofhuis te bly nie.<br>• In die huis/spasie kon Ryna weer heel raak.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 3.11 | • Ryna se boek oor kusvoëls is bekendgestel.<br>• Attie het in Windhoek gaan werk.<br>• Jacob het Skalla doodgesteek.<br>• Ryna het vir Fred vertel dat Janka sy kind is.<br>*(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeurtenis wat op die korrekte plek is.)* | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 3.12.1 | vergelyking | 1 |
| 3.12.2 | • Niemand het geweet waar sy was nie.<br>• Hy (Henning) kon haar (Ryna) nie vind nie.<br>• Sy was net weg.<br>• Sy het net verdwyn.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 3.13 | B/glad nie die naam kon onthou nie. | 1 |
| 3.14.1 | Na Ryna (van Rensburg) | 1 |
| 3.14.2 | • Henning het haar net as Camilla geken.<br>• Henning het haar net geken in die tyd toe Vincent daar was en tydens die hofsaak.<br>• Henning het nie geweet dat sy nou Ryna is nie.<br>• Camilla het vir haarself 'n ander naam/die naam Ryna gekies vir haar nuwe lewe.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.15 | • Skalla het 'n tatoeëermerk van 'n slang op sy arm gehad.<br>• Die tatoeëermerk was van 'n anker met die slang daardeur.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.16.1 | die aanname gemaak dat Henning weet | 1 |
| 3.16.2 | • Henning en Vincent was vriende.<br>• Henning was die prokureur wat aan die saak gewerk het.<br>• Ryna het na die insident alles wat sy kon onthou met Henning gedeel.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.17 | • Henning was deel van Vincent en Skalla se skelmstreke.<br>• Henning het Skalla betaal om die vuur te begin.<br>• Henning wou van Vincent en sy familie ontslae raak.<br>• Indien die waarheid sou uitkom, sou Henning tronk toe gegaan het/sy werk/status verloor het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.18 | Ek kan hiermee identifiseer, want …<br>• Skalla het al baie mense leed aangedoen.<br>• Skalla is 'n skelm en moet gestraf word.<br>• Skalla het al te veel kere weggekom met sy misdade.<br>• Ryna wou antwoorde/geregtigheid hê vir Janka en Jacob na die skietvoorval.<br>• Ryna wou keer dat nog meer mense deur Skalla se dade seerkry.<br>• Ryna wou daardie hoofstuk van haar lewe finaal afsluit.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 3.19 | Fred kon erken dat hy …<br>• Jacob se lewe al baie ontwrig het.<br>• 'n leuenaar was teenoor Kinnie en Jannerik.<br>• die vrouens in sy lewe sleg behandel het.<br>• indirek verantwoordelik was vir die dood van Sheila, Kinnie en Elsabet.<br>• skelm verhoudings gehad het.<br>• sy kinders afgeskeep het.<br>• sy familie/die familienaam skade aangedoen het/sy pa, Hermanus, baie seer gemaak het.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 3.20 | In die slot …<br>• het Ryna vir Jannerik blyplek gegee.<br>• het Ryna en Doreen alles met mekaar gedeel.<br>• kon Ryna en Ousanna oor baie dinge gesels.<br>• het Attie Ryna se hart verstaan en haar geluk saam met Jacob gegun.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[35]** |

**VRAAG 4: *LIEN SE LANKSTAANSKOENE* – Derick van der Walt**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 4.1.1 | twaalf/12 | 1 |
| 4.1.2 | (straat)hoek/kruising/(staan)plek | 1 |
| 4.1.3 | toneel(opvoering)/(skool)konsert/(toneel)stuk/drama | 1 |
| 4.1.4 | Miemie (Spies) | 1 |
| 4.2 | • Lien het daar/op die pawiljoen met Hein gesels.<br>• Lien het geluister hoe Hein mondfluitjie speel.<br>• Lien klim op en hoor iemand mondfluitjie speel.<br>• Lien was eers huiwerig, maar gaan sit tog by Hein.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 4.3.1 | hiperbool | 1 |
| 4.3.2 | • Daar was baie vetkoeke/genoeg vir Lien-hulle om te eet.<br>• Daar is nie kos in die huis nie so Lien is verbaas om die baie kos te sien.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 4.4 | • Lien wou oorsee gaan/reis/plekke oorsee gaan besoek/'n vliegtuigkaartjie koop.<br>• Lien wou "weg"/Suid-Afrika verlaat.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 4.5 | Ek kan hiermee identifiseer, want …<br>• dis nie lekker om jou ma te sien as sy dronk is nie.<br>• ek is ook nie lus om met my ma te praat as sy nie nugter is nie.<br>• ek wil nie met ander mense praat as ek moeg van die skool/ buitemuurse aktiwiteite/werk af kom nie/ook net rus as ek by die huis kom.<br>• 'n mens het soms nie lus vir moeilike/onaangename situasies nie.<br>• soms is ek ook bly om nie my ma te sien nie.<br>• soms wil ek ook dinge geheim hou/nie hê my ma moet sien waarmee ek besig is nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 4.6 | A/soms gevoel het sy wil nie langer deel van die toneel wees nie. | 1 |
| 4.7 | Dit laat my goed voel, want …<br>• Lien was nog net 'n kind en het 'n ma-figuur nodig gehad om haar te versorg.<br>• tannie Bets het baie keer gesorg dat daar kos is (en dan hoef Lien nie kos te maak nie)/nie net aan haarself gedink nie, maar ander mense ook.<br>• as tannie Bets kos gebring het, kon Lien meer tyd aan haar studies bestee.<br>• daar was darem 'n grootmens wat 'n ogie oor Lien en haar broer kon hou.<br>• Lien kon na haar toe gaan as sy sukkel/probleme het.<br>• tannie Bets het haar eie geld gebruik om vir Lien-hulle kos te koop (en dit het die las op Lien minder gemaak).<br>• iemand het vir Lien gehelp.<br>• sy het ondersteuning/sekuriteit/vertroosting/bemoediging gekry.<br>• sy het vir Lien werk gereël (Malie se koffiewinkel/Millennium Creations).<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 4.8 | • Lien het Miemie en Miemie se omstandighede beter leer ken.<br>• Lien het besef dat ander kinders ook probleme het.<br>• Dit het haar laat besef dat sy regtig drama wil studeer.<br>• Dit het haar gedwing om by meer skoolaktiwiteite en ander kinders in die skool betrokke te raak.<br>• Lien kon deel voel van iets by Hoërskool Jakaranda.<br>• Lien kon haar ware talent uitleef/het tuis gevoel op die verhoog.<br>• Lien kon tussen mense van dieselfde ouderdom wees.<br>• Lien kon haar omstandighede vir 'n rukkie vergeet.<br>• Lien se ma en nuwe vriende (Tibbey en Roos) was by haar toneelstuk.<br>• Lien het vir Hein beter leer ken by die toneeloefening.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 4.9 | • Lien is bewus daarvan dat dit donker in die woonstel is as sy daar aankom.<br>• Braam slaap al.<br>• Haar ma se kamerdeur is toe./Lien is altyd in haar kamer.<br>• Daar is niemand met wie sy kan gesels nie.<br>• Sy eet alleen.<br>• Braam is amper nooit by die huis nie.<br>• Niemand weet waar Lien is en wat sy doen nie.<br>• Lien vereenselwig haarself met die lirieke van Norah Jones.<br>• Lien wou nie vriende maak nie/het haar van alles en almal onttrek.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 4.10.1 | E/Lien het meer tyd gehad om op haar skoolwerk te fokus. | 1 |
| 4.10.2 | C/Lien het besef dat party mense verkeerde gedagtes het. | 1 |
| 4.10.3 | A/Lien kon reg voorberei om op straat te bedel. | 1 |
| 4.10.4 | B/Lien het op die harde manier geleer dat reëls belangrik is. | 1 |
| 4.11 | • Lien het die jong dominee vir die eerste keer ontmoet.<br>• Lien het haar verjaardag saam met vriende geniet.<br>• Sproet het Lien na sy woonstel toe geneem.<br>• Dirkie het gebel om uit te vind in watter hospitaal Tibbey was.<br>*(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeurtenis wat op die regte plek is)* | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 4.12.1 | (Na) Tibbey | 1 |
| 4.12.2 | • Tibbey was in 'n ongeluk/kan nie meer loop nie.<br>• Tibbey het sy bene verloor (nadat hy in 'n ongeluk was).<br>• Tibbey sou nie 'n dief kon jaag nie/fisies nie die werk kon doen nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 4.13 | C/sarkasties | 1 |
| 4.14 | • Hein het vir Lien gehelp om die karretjie te bou.<br>• Wouter het nie geweet dat Lien bedelvriende het nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 4.15.1 | weet nie wat die regte ding is om te doen nie. | 1 |
| 4.15.2 | Meneer Van Biljon voel jammer vir Tibbey, maar …<br>• is bang/bekommerd dat Tibbey dalk nie die werk sal kan doen nie.<br>• moet eerste aan sy verantwoordelikheid teenoor die klub dink.<br>• wil nie die risiko loop dat Tibbey dalk in konflik met motordiewe kan kom nie.<br>• hy weet die mense gaan kla as die sekuriteitsman in 'n rolstoel is.<br>• hy is bang dat Tibbey nie onafhanklik sal kan funksioneer nie.<br>• hy was bang dat Tibbey sy verantwoordelikheid sal raak/hy Tibbey sou moes versorg/beveilig.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 4.15.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 4.15.2 te verdien.)* | 1 |
| 4.16.1 | oorreed om Tibbey se situasie en goeie kwaliteite te verstaan. | 1 |
| 4.16.2 | • Lien ken vir Tibbey en weet hy sal die beste van die kans maak.<br>• Tibbey sien altyd 'n goeie geleentheid in alles.<br>• Lien weet almal sal Tibbey ondersteun en weer help om met sy lewe aan te gaan.<br>• Lien probeer vir Tibbey help.<br>• Lien wil die beste vir Tibbey hê.<br>• Lien was voorbereid vir al Meneer Van Biljon se vrae/het al Meneer Van Biljon se vrae oortuigend beantwoord.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 4.17 | • Daar was 'n meer vaste verhouding tussen hulle.<br>• Hulle kon nou openlik wys dat hulle van mekaar hou.<br>• Na die skoolkonsert het Lien eetgoed en 'n bietjie wyn gevat om Hein op die pawiljoen te ontmoet en te gesels.<br>• Hulle sou saam na die partytjie toe gaan.<br>• Hulle is moontlik saam matriekafskeid toe.<br>• Hulle het goeie vriende geword.<br>• In die naspel was Hein deel van hulle familie se video.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 4.18 | • Tibbey sou nie gou weer kon terugkom nie./Die hoek was leeg.<br>• Johnny het ook geld nodig gehad.<br>• Dit was nie vir Roos om daaroor te besluit nie.<br>• Johnny het later geld gegee vir Tibbey se karretjie, hy kon dalk meer gee as hy daar kon bedel.<br>• Roos was bevooroordeeld omdat Johnny drink.<br>• Roos het Johnny se hoek vir Lien gegee, maar nou mag hy nie op Tibbey se hoek bedel nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 4.19 | • Danksy die karretjie (waarvoor hy nie betaal het nie) kon hy weer sy werk doen/geld verdien/bedel op die hoek/mense vermaak./Hein en Lien het vir Tibbey die karretjie gebou.<br>• Danksy Lien se besoek aan Meneer Van Biljon het hy blyplek/'n dak oor sy kop/werk gehad.<br>• Roos het sy hoek beskerm sodat hy weer sou kon doen wat hy altyd gedoen het/vreugde in ander mense se lewens bring.<br>• Sy vriende se ondersteuning het gekeer dat hy in depressie verval.<br>• Hy kon Lien se skoolkonsert bywoon.<br>• Tibbey het 'n ware vriendin in Lien gekry.<br>• Tibbey het nou 'n vriend in Hein wat hom met allerhande dinge help.<br>• Danksy sy vriende was sy blyplek gerieflik.<br>• Tibbey het kuiergaste in die hospitaal gehad.<br>• Tibbey was depressief, maar Lien het hom gehelp, nou beweeg en werk hy weer.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| | | |
|---|---|---|
| 4.20 | In die slot van die roman het …<br>• Lien besluit dat sy haar passie wil volg/drama haar toekoms wil maak.<br>• Lien besluit om haar en Hein se verhouding meer ernstig op te neem.<br>• Lien probeer om te verstaan wat haar pa gedoen het/vir hom gesê sy gaan nie meer regte studeer nie/vir hom 'n pakkie droëwors gegee.<br>• Christien Jooste weer gefokus op die goeie dinge in haar lewe/haar kinders/haar klavierspel/nie meer gedrink nie.<br>• Roos en die ander besef dat Lien hulle vir altyd as haar vriende sou beskou.<br>• die familie weer herenig/saam vakansie gehou.<br>• Lien haar ma en pa vergewe.<br>• Lien meer selfvertroue/moed vir die toekoms.<br>• Lien bewys dat jy deur harde werk jou drome kan bereik.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[35]** |

| | | |
|---|---|---|
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **35** |

## AFDELING B: DRAMA

### VRAAG 5: *POPPIE, DIE DRAMA* – Elsa Joubert en Sandra Kotzé

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 5.1.1 | Hannie | 1 |
| 5.1.2 | Upington | 1 |
| 5.1.3 | lorriedrywer | 1 |
| 5.1.4 | Rachel | 1 |
| 5.2 | • Poppie het so haar respek teenoor Stone getoon.<br>• In haar kultuur het jy jou man so aangespreek.<br>• Sy het haar man so aangespreek, want dit beteken bhuti van haar man se broer se dogtertjie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 5.3 | • Stone se familie het van Poppie gehou.<br>• Die familie het Poppie aanvaar.<br>• Stone se familie het haar deel van hulle familie gemaak.<br>• Poppie het die skoonfamilie se goedkeuring weggedra.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 5.4 | Poppie het …<br>• geweet hoe om saam met Stone te lewe/vir haar en Stone 'n beter lewe te maak.<br>• die vrou se rol as ma en vrou leer ken.<br>• vir almal vertel hoe die Xhosas lewe en werk.<br>• geleer hoe om suurpap te maak.<br>• geleer hoe om die mielies fyn te maal.<br>• selfs van ukukola (wat oornag week en suur word) geleer.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 5.5.1 | was onseker of dit die regte tyd was om 'n kind te hê. | 1 |
| 5.5.2 | • Poppie was nog self baie jonk.<br>• Poppie was pas getroud met Stone.<br>• Poppie was nog besig om gewoond te raak aan die lewe van 'n getroude vrou.<br>• Poppie het nog nie eers haar eie huis gehad nie.<br>• Poppie was naïef.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 5.5.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 5.5.2 te verdien.)* | 1 |
| 5.6 | B/onseker | 1 |
| 5.7.1 | • Die Xhosa-mense<br>• Stone en sy gesin<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 5.7.2 | • Hulle moes van Lambertsbaai af weggaan.<br>• Al die Xhosa-mense is weggejaag uit Lambertsbaai.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 5.8 | Dit laat my goed voel, want Poppie …<br>• het nie negatief geraak nie.<br>• het haar een kind verloor, maar steeds vir haar ander kind 'n positiewe naam gegee.<br>• het altyd probeer om moed te hou.<br>• wou die positiewe dinge vir haar kind hê.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 5.9.1 | D/Poppie en haar kinders moes Mdantsane toe gaan. | 1 |
| 5.9.2 | A/Poppie se dogters het in Herschel gaan bly. | 1 |
| 5.9.3 | E/Die oorlog teen die sjebeens het begin. | 1 |
| 5.9.4 | B/Vukile is deur 'n dwaalklip getref. | 1 |
| 5.10 | • Poppie *(Mosie)* het by die garage gewerk en by die Union Kollege geleer.<br>• Poppie het inslaapwerk by die kwekery gekry.<br>• Poppie het agt pond 'n maand by Mrs Scobie verdien.<br>• Mrs Swanepoel het Poppie gehelp om haar pas reg te kry. | 1<br>1<br>1<br>1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| | *(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeurtenis wat op die korrekte plek is. Kolpunte 2 tot 4 moet in die korrekte volgorde wees. Kolpunt 1 kan eerste of laaste geplaas word.)* | |
| 5.11 | • Stone het in 'n steenhuis in die bachelor-quarters gaan bly.<br>• Stone het begin nagskof werk.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 5.12 | Hulle het by Mosie gaan bly. | 1 |
| 5.13 | • Dit is hartseer om te voel niemand mis jou nie.<br>• Poppie was 'n familiemens en nou is sy eensaam en alleen.<br>• Baie mense het Poppie gebruik wanneer hulle haar nodig gehad het en nou voel sy almal kom sonder haar reg.<br>• As jy so eensaam soos Poppie is, is dit moeiliker om te sien hoe ander net aangaan met hulle lewens.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 5.14 | B/sy eie reëls gemaak en gevolg het. | 1 |
| 5.15 | Ek kan hiermee identifiseer, want ..<br>• as jou kind iemand skade berokken het, moet jy help.<br>• dit is hulle kind en kleinkind.<br>• hulle ken swaarkry.<br>• jou familie se naam en eer is op die spel.<br>• hulle het Christelike waardes gehad.<br>• ek weet as ek of iemand in my familie fouteer, is dit een manier om te probeer regmaak.<br>• dit gaan oor die meisie wat nie haar skoolloopbaan kan voltooi nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 5.16.1 | partydig vir die meisie omdat haar geleenthede weggeneem is. | 1 |
| 5.16.2 | • Iemand moes namens haar praat.<br>• Die grootmense sou haar dalk nie geglo het as sy self die storie vertel het nie.<br>• Sy was 'n weeskind en hulle het verantwoordelik gevoel vir haar.<br>• Daar was niemand anders wat vir haar sou veg nie.<br>• Dit was hulle plig om haar ook in die gemeenskap te beskerm.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 5.17.1 | personifikasie | 1 |
| 5.17.2 | • Die persoon wat skuldig is, bly in haar huis.<br>• Dit is haar seun wat verantwoordelik was vir probleme.<br>• Alle aanduidings is dat Bonsile die pa van die meisie se kind is.<br>• Uit haar huis kom die sondebok/skuldige/pa van die kind.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 5.18 | Poppie moes …<br>• gaan werk.<br>• besluite oor haar kinders neem.<br>• alleenouer wees.<br>• alleenversorger wees.<br>• weg van haar kinders af wees.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| | | |
|---|---|---|
| 5.19 | Poppie het besef dat …<br>• haar kinders nou hulle eie keuses moes maak.<br>• haar kinders nou op hulle eie moes regkom/aangaan.<br>• alles nou uit haar hande was.<br>• daar nie vrede sou kom nie.<br>• sy nooit die moeilikheid gaan soek het nie.<br>• alles die Here se wil is.<br>• haar kinders se paaie klaar bepaal is.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 5.20 | • Jakkie se verkeerde dade het Poppie se kinders en haar ma betrek.<br>• Poppie se harde werk het gemaak dat sy haar kinders afgeskeep/agtergelaat het.<br>• Mama, wat Poppie na haar kinders laat kyk het, het Poppie van goeie geleenthede ontneem.<br>• Bonsile se verkeerde dade het baie bekommernisse vir Poppie veroorsaak.<br>• Stone se werk by Phillipi het Poppie in moeilike omstandighede laat bly en werk.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[35]** |

**VRAAG 6: *PALJAS* – Chris Barnard**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 6.1.1 | Manuel | 1 |
| 6.1.2 | skuur | 1 |
| 6.1.3 | brood | 1 |
| 6.1.4 | fiets | 1 |
| 6.2 | • Nollie en Emma was saam in die veld.<br>• Emma het geval en Nollie het haar amper raakgery.<br>• Daar was 'n ongelukkie waarby Nollie en Emma betrokke was.<br>• Nollie het Emma agtervolg met sy fiets en sy wou nie met hom praat nie.<br>• Nollie en Emma het in die veld/voetpad ontmoet en Emma het probeer wegkom van Nollie af.<br>• Nollie en Emma het albei geval.<br>• Emma het seergekry.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.3 | A/moedeloos | 1 |
| 6.4 | • Willem het 'n spraakprobleem gehad.<br>• Willem het ophou praat.<br>• Willem het voor niemand gepraat nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 6.5.1 | metafoor | 1 |
| 6.5.2 | • Hendrik het na musiek geluister as hy eensaam gevoel het.<br>• Dit het Hendrik beter laat voel as hy na musiek geluister het.<br>• Die musiek was vir hom positiewe herinneringe.<br>• Hendrik het goed gevoel as hy na hierdie tipe musiek geluister het.<br>• As hy ongelukkig gevoel het, was die musiek vir hom 'n troos.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.6.1 | • Die romantiese liedjie/plaat/musiek waarna hy geluister het.<br>• Die liedjie wat besig was om oor die grammofoon te speel.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.6.2 | • Hendrik het in die verlede hierdie liedjie vir Katrien oor die radio aangevra/versoek/laat speel.<br>• Die liedjie wat sy baie keer vir hom op die klavier gespeel het.<br>• Dit het Hendrik aan die goeie tye in hulle verhouding laat dink.<br>• Hendrik het Katrien goed geken.<br>• Hendrik was voorheen romanties.<br>• Hendrik en Katrien se verhouding was vroeër beter.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.7.1 | E/Die McDonalds het vir die soveelste keer na 'n klein stasietjie toe getrek. | 1 |
| 6.7.2 | A/Katrien het by Willem in die bed geslaap. | 1 |
| 6.7.3 | D/Willem het sy ouers hoor baklei en weggehardloop. | 1 |
| 6.7.4 | C/Hendrik het vir Katrien gesê sy lyk mooi. | 1 |
| 6.8 | • Nollie en Hendrik kon 'n goeie verhouding bou.<br>• Nollie het deel van die gesin geword.<br>• Nollie en Hendrik kon hulle liefde vir musiek met mekaar deel.<br>• Nollie en Hendrik kon ietsie saam drink.<br>• Nollie kon met Hendrik oor Emma praat.<br>• Nollie het so nou en dan vir Emma gesien.<br>• Op die stoep, na die baklei met Bertie, het Emma belangstelling in Nollie getoon.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 6.9 | Ek kan hiermee identifiseer, want …<br>• Emma moes haar eie keuses kon maak.<br>• ek wil ook nie hê my ouers moet vir my besluit met wie/wanneer ek moet trou nie.<br>• haar ouers se probleme het haar skepties laat voel oor die huwelik.<br>• ek sien te veel huwelike wat nie uitwerk nie.<br>• Emma was te jonk en het nog baie tyd gehad om te trou.<br>• ek sal ook nie daarvan hou om aan iemand afgesmeer te word nie.<br>• Emma het op daardie stadium nie van mans gehou nie/nie in mans belanggestel nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.10 | • Emma het Willem op die stoep gekry waar hy gelê en slaap het.<br>• Willem het die nar vermaak en probeer om hom te laat lag.<br>• Emma het gesê die gesin moet praat oor dinge wat belangrik is.<br>• Die dorpsmense het vir die McDonalds om verskoning gaan vra.<br>*(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeurtenis wat op die korrekte plek is.)* | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 6.11.1 | sy het nie geweet wat hulle nog moes doen om aanvaar te word nie. | 1 |
| 6.11.2 | Katrien …<br>• wou nie verder aan die aand deelneem nie.<br>• het haar onttrek/wou gaan slaap.<br>• het met niemand gepraat nie.<br>• se hele houding het gewys dat sy moedeloos was.<br>• het gevoel hulle pla niemand nie/het niks verkeerd gedoen nie/hulle is net gewone mense.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 6.11.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 6.11.2 te verdien.)* | 1 |
| 6.12 | C/ van die probleem weghardloop. | 1 |
| 6.13 | • Hendrik is die pa van die huis wat vir sy gesin moes opstaan.<br>• Dinge kon nie langer so aangaan nie.<br>• Hendrik wou dinge vir sy gesin beter maak.<br>• Hendrik het die hele gesin betrek.<br>• Hendrik het vir 'n slag standpunt ingeneem en daarby gehou.<br>• Hendrik het trots gewys en beklemtoon dat niemand hulle gaan onderkry nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.14.1 | bevooroordeeld is teenoor mense wat anders as hulle is. | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 6.14.2 | • Die dorpsmense het gedink hulle was besig met duiwelsgoed/ anders/buitestanders.<br>• Die dorpsmense het die vreemde stories oor die McDonalds geglo.<br>• Die dorpsmense het gedink as jy jou met 'n nar assosieer, is jy besig met duiwelsgoed.<br>• Die dorpsmense veroordeel hulle omdat hulle nie kerk toe gekom het nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde.)* | 1 |
| 6.15 | • Die persoon wat eerste verskoning kom vra het, was Sakkie du Toit.<br>• Jan Mol het glad nie die aand na die McDonalds se huis toe gegaan nie.<br>• Jan Mol sou nie om verskoning vra nie, want hy was die een wat op hulle geskiet/hulle verjaag het.<br>• Jan Mol het nooit om verskoning gevra nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.16 | • Emma het Nollie toegelaat om aan haar te vat/by haar te sit.<br>• Nollie kon nou vir Emma wys dat hy vir haar omgee.<br>• Emma sou toegelaat het dat Nollie haar soen (as Willem nie ingekom het nie).<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.17 | • Emma se retoriese vrae.<br>• Emma se herhaling van dinge wat Hendrik vir haar sê/gebruik van die woorde "om te wat".<br>• Die opnoem van dinge wat bydra tot haar woede/hierdie situasie, bv. verwysing na Katrien, die gat-stasietjie, oor niks gebeur het nie.<br>• Emma het 'n antwoord vir alles.<br>• Emma laat niks haar keer nie/hou net aan praat.<br>• Emma sê vir haar pa dat hy oor nonsens/onbelangrike dinge praat.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 6.18 | Dit laat my goed voel, want …<br>• die gesin het met mekaar begin praat.<br>• die gesinslede het na mekaar geluister.<br>• Emma kon dinge uitwys wat haar gepla het.<br>• Hendrik kon Emma wys op haar verkeerde optrede.<br>• die gesin het nou die geleentheid gehad om vrede met die dorpsmense te maak.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 6.19 | • Willem kon sy toertjies wat hy by Manuel geleer het vir die partytjiegangers wys.<br>• Willem kon sy gesin met die toertjies wat hy geleer het, vermaak.<br>• Willem kon aan die einde die konsertina speel.<br>• Willem het vir ander mense gewys dat lag beter as huil is.<br>• Willem het geleer om ander mense nie toe te laat om jou seer te maak nie, wees wie jy is.<br>• Willem het by Manuel geleer dat hy belangrik is.<br>• Willem het weer gepraat, want hy het mense begin vertrou/sy spanning was verby.<br>• Willem het geleer dat jy aandag aan ander mense moet gee.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 6.20 | • Hendrik en Katrien het saam gedans.<br>• Hendrik en Katrien het gelag/in mekaar se ore gefluister.<br>• Willem het die liefde tussen sy ouers gesien.<br>• Emma het liefde met Nollie 'n kans gegee.<br>• Deur die liefde wat Willem ervaar het, kon hy wees wie hy is.<br>• Die dorpsmense het besef liefde is beter as haat/verwydering/ aggressie/wantroue.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[35]** |

**VRAAG 7: *FIELA SE KIND, DIE DRAMA* – Dalene Matthee**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 7.1.1 | nege/9 | 1 |
| 7.1.2 | geskop | 1 |
| 7.1.3 | Gertjie | 1 |
| 7.1.4 | bottels/soetoliebottel/twee blou bottels/kraffie/botteltjies | 1 |
| 7.2 | • Barta het geweet wat in die hof gebeur het./Barta het geweet dat Lukas nie hulle kind was nie.<br>• Barta was bang dat Fiela sou veroorsaak dat Lukas weer van hulle af weggeneem word.<br>• Barta was bang vir moeilikheid met die gereg/wet.<br>• Barta was bang Fiela weet dalk waar Lukas/Benjamin vandaankom en dit is hoekom sy magistraat toe is.<br>• Barta was bang dat Fiela/Mister Kapp/die magistraat uitgevind het dat sy gejok het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.3 | B/aggressief | 1 |
| 7.4.1 | (Na) Fiela (Komoetie) | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 7.4.2 | • Die magistraat het opdrag gegee dat sy die kind moes uitlos/haar verbied om naby die kind te kom.<br>• Die Van Rooyens moes die magistraat laat weet as Fiela moeilikheid kom maak/by hulle huis opdaag.<br>• Die magistraat sal Fiela vervolg/tronk toe stuur as sy moeilikheid by die Van Rooyens se huis maak.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.5.1 | vergelyking | 1 |
| 7.5.2 | • Nina was lief vir die Bos/het van die Bos gehou.<br>• Nina wou net altyd in die Bos wees.<br>• Nina was vlugvoetig/rats in die Bos.<br>• Die Bos was Nina se gelukkige plek.<br>• Nina kon ook soos 'n bok in die Bos wegraak/wegkruip/wild wees.<br>• Dit was Nina se ontvlugting van Elias/werk.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.6 | • Nina het die skoolmeester se kinders gaan oppas.<br>• Dit is die werk wat Elias gevra het die Boswagter voor moet uitkyk, en omdat sy werk gekry het, kan ons glo dat dit die tipe werk is wat sy gedoen het.<br>• Toe Lukas haar na die Boswagter toe vat, het sy gesê sy is niemand se kinderoppasser nie wat impliseer dit is werk wat hulle vir haar gekry het.<br>• Toe Lukas haar geld moes gaan haal, het hy uitgevind sy is nie meer in diens van die skoolmeester (waar sy kinders opgepas het) nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.7 | Ek kan hiermee identifiseer, want Barta was ...<br>• bang vir Elias.<br>• gewoond daaraan om in te val by wat Elias besluit/doen.<br>• bang Elias kry probleme met die gereg (omdat hy aan Lukas slaan)./beskermend teenoor Elias.<br>• bang as Elias in die moeilikheid kom, gaan dit dalk uitkom dat sy in die hof gelieg het./saam met Elias oneerlik./bang dat sy uitgevang sal word omdat sy in die hof gelieg het.<br>• gewoond daaraan om gemanipuleer te word.<br>• seker dat die magistraat 'n probleem daarmee sou hê as hy uitvind dat Lukas mishandel word.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.8 | • Fiela was by die Van Rooyens se huis om sy goed/dasvelkombers te bring.<br>• Fiela het kom kyk hoe dit met Lukas gaan.<br>• Elias het Fiela en haar seun weggejaag/verwilder.<br>• Mister Kapp het nuus gebring dat Fiela na haar kind soek.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 7.9 | • Hy het 'n dreigende/aggressiewe/arrogante/rassistiese/ selfsugtige/oneerlike houding gehad/gedreig om moeilikheid te maak.<br>• Hy het gelieg as hy sê dit gaan goed met Lukas.<br>• Hy het nie regtig Kapp se vrae beantwoord nie.<br>• Hy het sy kinders geslaan/hard laat werk/mishandel.<br>• Hy het net aan homself gedink en het nie regtig vir enige iemand anders omgegee nie.<br>• Hy is gevoelloos teenoor Fiela.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Voorbeelde van situasies kan gegee word.)* | 1 |
| 7.10.1 | E/Elias het die kinders fisies gestraf. | 1 |
| 7.10.2 | D/Elias het die kans gebruik om vir Nina werk op die dorp te probeer kry. | 1 |
| 7.10.3 | A/Elias het vir Lukas gesê dat Barta sy ma is. | 1 |
| 7.10.4 | B/Lukas het besef dat hy 'n liefde vir die see het. | 1 |
| 7.11 | • Lukas het vir Kaliel gevra om hom van die see te leer.<br>• Lukas het vir Fiela van sy liefde vir Nina vertel.<br>• Terwyl Elias siek gelê het, het Barta erken dat sy in die hof gelieg het.<br>• Die Komoeties het vir Lukas 'n brief geskryf om te sê hulle bid vir hom.<br>*(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeurtenis wat op die korrekte plek is.)* | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 7.12.1 | gestereotipeer word omdat hulle anders werk met hulle geld. | 1 |
| 7.12.2 | • Die Bosmense het volgens hulle eie reëls gelewe.<br>• Bosmense word op neergekyk deur die dorpsmense omdat hulle anders was.<br>• Die gedagte is van geslag tot geslag oorgedra.<br>• Binne 'n gesin was al die geld die gesin s'n.<br>• Die pa was in beheer van die geld.<br>• Lukas het nou alles gedoen soos wat die Bosmense dit gedoen het.<br>• Lukas het net opdragte uitgevoer wat sy pa vir hom gegee het, al het hy nie saamgestem nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.13.1 | was nie seker of hy vir Nina moes vra om na Elias-hulle toe te gaan nie. | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 7.13.2 | • Hy het Nina gevra om hom te help.<br>• Hy het vir Nina redes gegee waarom sy vir hom die guns moes bewys.<br>• Hy was bang Elias sou haar nie terug laat kom Knysna toe nie.<br>• Hy was bang Elias kon dalk weer vir Nina aanrand/slaan.<br>• Hy het geweet dat Elias hom nie sou laat teruggaan as hy dit self gaan doen het nie.<br>• Hy was bang Nina sou nie weer wou terugkom dorp toe nie/in die Bos bly.<br>• Hy was onseker omdat hy bang was sy sou nee sê en dan moet hy wel teruggaan Bos toe al wou hy nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 7.13.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 7.13.2 te verdien.)* | 1 |
| 7.14 | B/ Elias moet ophou om te verwag dat sy kinders al sy werk moet doen. | 1 |
| 7.15 | • Nina het weer die ou plekke besoek (waar sy en Lukas voorheen gekuier het).<br>• Nina kon weer haar geliefde plekke in die Bos besoek.<br>• Nina het besef dat die plekke waarvoor sy so lief was, nie meer dieselfde was nie/sy nie meer in die Bos wou wees nie.<br>• Nina het haar werk by miss Weatherbury verloor omdat sy so lank/drie maande weggebly het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Voorbeelde van situasies kan gegee word.)* | 1 |
| 7.16 | Nina …<br>• kon haar eie geld verdien/het nuwe/mooi klere gedra.<br>• kon 'n mate van vryheid kry.<br>• kon selfstandig wees/na haarself gekyk/omgesien het.<br>• kon liefde daar vind.<br>• kon verskillende rolle/werke in huishouding vertolk/soos 'n dame optree/Miss Weatherbury se companion wees.<br>• het baie nuwe dinge geleer/geleer dat daar beter plekke as die Bos was.<br>• kon goeie maniere leer.<br>• het 'n ander blyplek gekry.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde. Spesifieke voorbeelde kan gegee word, bv. sy het naaldwerk gedoen, ens.)* | 2 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 7.17 | Dit laat my goed voel, want Lukas …<br>• het nog altyd vir Nina gehelp/beskerm/omgegee/liefde gewys.<br>• sien vir Nina as sy gelyke.<br>• bevry homself van Elias/die Bos.<br>• neem beheer van sy eie lewe.<br>• staan uiteindelik op vir homself.<br>• was 'n goeie broer vir Nina.<br>• was lojaal teenoor Nina.<br>• vra iemand anders om hom te help/begin Nina genoeg vertrou om haar om hulp te vra.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.18 | Fiela het …<br>• haar hanskind teruggekry.<br>• uitgevind by wie haar kind geplaas was.<br>• vir Benjamin na Barta toe gestuur om die waarheid uit te vind.<br>• uitgevind dat Benjamin nie regtig/definitief nie die Van Rooyens se kind was nie.<br>• die kans gekry om die grond wat sy gekoop het, vir hom te gee.<br>• haar verhouding met Benjamin herstel.<br>• haar eer, karakter en menswaardigheid bevestig.<br>• besef dat sy nog altyd reg was oor Benjamin se identiteit.<br>Benjamin het ...<br>• besluit om terug te gaan Wolwekraal/huis toe.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 7.19 | Miss Weatherbury wou Nina beskerm, want …<br>• dit was deel van haar opheffingswerk.<br>• Nina was nog jonk en onervare/kwesbaar.<br>• sy wou verhoed dat mense Nina uitbuit.<br>• die dorpslewe en die boslewe het baie van mekaar verskil.<br>• sy het gevoel dit is haar plig omdat Nina gesê het sy het nie familie nie.<br>• sy het omgegee vir Nina.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 7.20 | • Barta het die kans gekry om die waarheid te praat/te erken dat sy in die hof gelieg het.<br>• Benjamin kon kies wie/wie se kind hy wou wees.<br>• Benjamin kon lief wees vir wie hy wou.<br>• Benjamin kon nou self oor sy toekoms besluit.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[35]** |

| | | |
|---|---|---|
| | **TOTAAL AFDELING B:** | **35** |

Downloaded from Stanmorephysics.com

## AFDELING C: KORTVERHALE

## VRAAG 8: *SPIEËLBEELDE*

### 8.1 "KOM ONS STUUR VIR TASU" – Maretha Maartens

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 8.1.1 (a) | Griekwastad | 1 |
| 8.1.1 (b) | gehuil | 1 |
| 8.1.1 (c) | (kruie)medisyne | 1 |
| 8.1.1 (d) | Jollyman | 1 |
| 8.1.2 | • Sterkman was besig met matriekeksamen/skoolwerk.<br>• Sterkman moes vir die matriekeksamen leer.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.1.3 | A/ernstig | 1 |
| 8.1.4 | • Tasu moenie sy babagesig opsit nie.<br>• Tasu moenie wys dat hy bang is nie.<br>• Hy moenie sy babagesig wys as hy tussen mense is nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.1.5 (a) | hy het onthou van die slegte ervaring toe daar baie mense saam met hom was. | 1 |
| 8.1.5 (b) | Tasu onthou …<br>• die ongeluk.<br>• van die ongeluk waarin baie mense seergekry het.<br>• die baie liggame wat in die taxi-ongeluk om/langs/oor hom gelê het.<br>• dat iemand gesterf het.<br>• die oë van die persoon wat gesterf het.<br>• dat hy vasgekeer was.<br>• dat hy nie kon asemhaal nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 8.1.5 (a) moet reg wees om die punt by VRAAG 8.1.5 (b) te verdien.)* | 1 |
| 8.1.6 (a) | D/Tasu kon net onder toesig sy tierogies slyp. | 1 |
| 8.1.6 (b) | A/Pa kon nie vir Ouma medisyne vat nie. | 1 |
| 8.1.6 (c) | E/Een van die ander passasiers het probeer om Tasu beter te laat voel. | 1 |
| 8.1.6 (d) | B/Tasu het presies geweet wat om Sondag te doen. | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| | | |
|---|---|---|
| 8.1.7 | Tasu het …<br>• besluit dat sy verlede nie sy lewe gaan bepaal/beïnvloed nie.<br>• sy vrees (om in taxi's vol mense te ry) oorkom.<br>• nie meer vasgekyk teen sy probleme nie./sy vrese agtergelaat.<br>• besluit hy kan nie toelaat dat die dooie oë sy lewe beheer nie.<br>• besluit om die lewe soos 'n ryp turksvy te eet.<br>• besluit om elke oomblik van die lewe te leef tot hy alles van die lewe voel.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 8.1.8 | Tasu se ma wou nie …<br>• vir Evelina stuur nie, want sy was te jonk.<br>• vir Sterkman stuur nie, want hy was besig met eksamens.<br>• die hoendereiers verkoop nie, want dis die gesin se kos.<br>• by mense geld leen/skuld maak nie.<br>• ophou planne maak om die medisyne by ouma te kry nie.<br>• dat pa met die kar ry nie, want die remme was swak en die bande sleg.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.1.9 | Ek kan hiermee identifiseer, want …<br>• ek het ook my droom om verder te studeer prysgegee/laat gaan.<br>• ek wou professioneel sokker speel en moes dit prysgee.<br>• ek wou oorsee gaan swem en het dit prysgegee.<br>• as jou familie jou nodig het, is jou drome minder belangrik.<br>• my ouma se gesondheid sal ook vir my belangriker as geld en goed wees.<br>• ek het ook al my eie besittings/trots/geluk/drome prysgegee om ander te help.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die voorbeeld van die droom en die rede waarom dit opgegee was, moet duidelik en sinvol binne konteks wees.)* | 1 |
| 8.1.10 | • Tasu kon sy vrese oorwin.<br>• Tasu kon verantwoordelikheid neem namens sy gesin.<br>• Tasu kon baie van homself leer tydens die rit.<br>• Tasu het geleer dat jy moet lewe vir vandag/voluit moet lewe.<br>• Tasu kon sy ouma help al was hy bang.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

**8.2 "OPDRAG " – Rieke Olivier**

| | | |
|---|---|---|
| 8.2.1 | • Jordaantjie het altyd gesorg vir iets wat anders is.<br>• Sarah het haar feite met E se situasie begin.<br>• Sarah het besef sy worstel eintlik met haar gevoelens vir Gerrie.<br>• Sarah het gehoop Jordaantjie sou tussen die reëls kon lees.<br>*(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeurtenis wat op die korrekte plek is.)* | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 8.2.2(a) | gestereotipeer is om jonk te trou en kinders te hê. | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 8.2.2(b) | • Vroeër jare toe haar ouma nog jonk was, was dit vanselfsprekend dat vrouens teen die ouderdom van sestien getroud is en kinders het.<br>• Vroue van vroeër het nie sommer graad 12/matriek voltooi en studeer nie, hulle het vroeg getrou.<br>• Die vrou se rol was van 'n jong ouderdom af om te trou en kinders te hê.<br>• As Ouma sestien was en sy is al sewentien, dan moes sy eintlik al getroud gewees het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.2.3 | C/jy nie dinge moet doen wat 'n verhouding benadeel nie. | 1 |
| 8.2.4 | • Sarah het tot 'n gevolgtrekking gekom.<br>• Sarah het 'n aanbeveling gemaak.<br>• Sarah moes net die finale stuk netjies oorskryf.<br>• Sarah het besluit om haar kladboek te hou vir eendag as sy 'n storie wil skryf.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.2.5 (a) | Dit verwys na …<br>• die boek, *'n Pot vol winter*.<br>• die boek/roman/storie wat Sarah gekies het om haar boekverslag oor te doen.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.2.5 (b) | Deur die boek te lees het Sarah …<br>• haar eie idees oor tienerseks geëvalueer/gevorm.<br>• besluit dat tienerseks nie deel van haar verhouding moet wees nie.<br>• besef dat seks haar verhouding met Gerrie sou benadeel.<br>• besluit dat jou huislike omstandighede nie jou sekslewe bepaal nie.<br>• besef dat kommunikasie met volwassenes oor taboe-onderwerpe nodig is.<br>• besef dat dinge wat in die verhaal gebeur nie noodwendig in die werklike lewe gebeur nie.<br>• besef dat jy nie seks hoef te hê om te wys jy is lief vir jou kêrel nie.<br>• besef dit kan vir leerders voorligting en insig bied in hulle eie verhoudings/voorligtingklasse aanbeveel word.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.2.6 (a) | vergelyking | 1 |
| 8.2.6 (b) | Letterlik:<br>• Haar aanbeveling is kort en saaklik/kragtig/op die man af.<br>• Duidelik en logies gestel.<br>• Feitelik, sonder om doekies om te draai.<br>• Gestroop van lang verduidelikings.<br>Figuurlik:<br>• Sarah besluit om nie as tiener seksueel aktief te wees nie.<br>• Daar sal niks meer as hande vashou wees nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 8.2.7 | • Dit het Sarah onder druk geplaas om haar ander huiswerk te voltooi.<br>• Die opdrag moes nog oorgeskryf word.<br>• Sarah het haar besluit oor tienerseks geneem.<br>• Sarah het besluit wat sy in haar verhouding met Gerrie fisies sal doen en nie doen nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.2.8 | Die gesprek laat my goed voel, want dit wys tieners het …<br>• nog emosionele begrip.<br>• 'n sin vir verantwoordelikheid/selfbeheer.<br>• selfgroei as dit by verhoudings kom.<br>• probleemoplossingsvaardighede.<br>• begrip vir die gevolge van tienerverhoudings.<br>• 'n langtermyndoel met verhoudings.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 8.2.9 | Sarah het …<br>• haarself beter/haar sterkpunte/begeertes/beperkinge leer ken.<br>• geleer om haar emosies/drange te beheer.<br>• besef dat verkeerde besluite/stappe haar lewe nadelig kon beïnvloed.<br>• besef sy is verantwoordelik vir haar eie aksies/keuses.<br>• geleer om nie haar emosies te volg nie, maar rasioneel te dink.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)* | 2 |
| 8.2.10 | Ek voel jammer vir haar, want …<br>• dit was 'n taboe onderwerp in haar huis.<br>• sy moes haar antwoorde uit 'n boek kry.<br>• haar onsekerhede oor seks moes haar leer oor selfbeheersing/laat dink aan die gevolge.<br>• sy worstel alleen met hierdie kwessies.<br>• sy het niemand gehad om mee te praat nie.<br>• sy vra vrae oor dinge wat sy op die ouderdom van 17 moes geweet het.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| | | **[35]** |

| | | |
|---|---|---|
| | **TOTAAL AFDELING C:** | **35** |

Downloaded from Stanmorephysics.com

## AFDELING D: GEDIGTE

## VRAAG 9: *VERSKUNS VIR EERSTE ADDISIONELE TAAL*

### 9.1 "KRISIS" – Elizabeth Eybers

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 9.1.1 | (Die) hoof/verstand/brein/kop/Ek/die persoon wat van die hart wil skei/iemand wat besluit het om nie sy/haar emosies te volg nie. | 1 |
| 9.1.2 | "onvoorbereid"<br>*(Penaliseer nie indien nie tussen aanhalingstekens nie)* | 1 |
| 9.1.3 | • Die hart is …<br>  ○ voortvarend/impulsief.<br>  ○ 'n lafaard.<br>  ○ besluiteloos/kan nie (regte) besluite maak nie.<br>  ○ siek/emosioneel.<br>• Die hart gee dwase raad/verwar net die hoof/het niks rasioneel om by te dra nie.<br>*(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde. Aanhaling wat die kernwoorde bevat, kan aanvaar word.)* | 2 |
| 9.1.4 (a) | onthou | 1 |
| 9.1.4 (b) | ongeduldig | 1 |
| 9.1.5 | • Die digter gebruik hoofletters.<br>• Die digter gebruik voornaamwoorde soos "ek" en "jy".<br>• Personifikasie<br>• Gebruik dit as eiename/persoonsname.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 9.1.6 | Die Hoof …<br>• kon nie goeie besluite neem nie./was verwar deur die Hart.<br>• het nie duidelike leiding van die Hart gekry nie.<br>• was ontevrede met hoe die verhouding verloop het/het gevoel dat die verhouding op 'n ramp afstuur.<br>• wou nie meer in 'n verhouding met die Hart wees nie/wou van die Hart skei.<br>• het gesukkel met besluite as gevolg van die hart.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Eie woorde)* | 1 |
| 9.1.7 | • "dwase raad"<br>• "hoof verwar"<br>*(Enige EEN. Penaliseer nie indien nie tussen aanhalingstekens nie.)*<br>*(TWEE opeenvolgende woorde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | | |
|---|---|---|
| 9.1.8 | B/die spreker nie meer die konflik wil hê nie. | 1 |
| 9.1.9 | • Die pad wat die Hoof en die Hart saamgeloop het, was mooi.<br>• Die Hoof en die Hart se pad saam het sleg begin word.<br>• Die Hoof het die Hart nie meer nodig nie.<br>• Hulle het aan die einde van hulle pad saam gekom.<br>*(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeurtenis wat op die korrekte plek is.)* | 1<br>1<br>1<br>1 |
| 9.1.10 | Die herhaling …<br>• bind die gedig tot 'n geheel./voltooi die sirkel.<br>• maak dat die gedig eindig waar dit begin het/die gedagte voltooi is.<br>• beklemtoon die einde/finaliteit van hul verhouding.<br>• rond die gedig af.<br>• bevestig die tema/waaroor die gedig handel.<br>• dui op finaliteit.<br>• dui daarop dat hulle moet skei.<br>• dui op die hoof wat vasbeslote is om te skei.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 9.1.11 | • My eie verstand baklei ook dikwels met my hart.<br>• In my lewe wil ek ook soms dinge doen soos my hart vir my sê.<br>• Ek het ook al voorheen met my hart besluit./My hart het my ook verkeerde besluite laat neem.<br>• Dit is moeilik om die regte besluit te neem as jy vir iemand lief is.<br>• Ek moet soms moeilike besluite maak waar die hart een ding wil doen en die kop 'n ander.<br>• Ek het ook al in 'n verhouding impulsiewe/verkeerde besluite gemaak/moes al kies tussen emosie en logika.<br>• My hart maak ook my kop deurmekaar.<br>• Ek het besef dis beter om na my kop te luister.<br>• Wanneer 'n mens nugter besluite moet neem, kan jy nie altyd met jou hart dink nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 9.1.12 | Die titel is gepas, want …<br>• die inhoud van die gedig dui op die krisis/stryd tussen die Hoof en die Hart.<br>• konflik soos dit in die gedig beskryf word, lei gewoonlik tot 'n krisis.<br>• die Hart en die Hoof kan nie van mekaar geskei word nie en dit veroorsaak die krisis.<br>• die stryd tussen die Hoof en die Hart is vir die spreker 'n stryd/krisis.<br>• die spreker besef dat sy Hart en Hoof nie meer saam werk nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com

**9.2 "KEN JY DIE SEE …" – Uys Krige**

| VRAAG | ANTWOORD | PUNT |
|---|---|---|
| 9.2.1 (a) | hulp/redmiddel/kuur | 1 |
| 9.2.1 (b) | pal | 1 |
| 9.2.1 (c) | bootjie(s) | 1 |
| 9.2.1 (d) | duur | 1 |
| 9.2.2 | Die see lyk rustig/kalm, ✓maar is eintlik baie gevaarlik/bedrieglik. ✓<br>*(Of soortgelyk aan bogenoemde, maar in die kandidaat se eie woorde.)* | 2 |
| 9.2.3 | • Die woord "buur" pas in by die (kruis)rym van die gedig./Rymdwang vind plaas.<br>• Dit behou die ritme/tempo in die gedig.<br>• Die woord "buur" behou/beklemtoon die liriese toon./sluit aan by die refrein van die gedig.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 9.2.4 | • Dit maak die woorde persoonlik/gedig geloofwaardig./Praat direk met die leser.<br>• Dit betrek die vissermanne direk.<br>• Dit sluit aan by die gevaarlike situasie/vrees/angs van die vissermanne.<br>• Dit wys die reaksie van die vissermanne wanneer hulle in gevaar is.<br>• Dit is die direkte woorde van die vissermanne as die see hulle van hulle bootjies afvee.<br>• Die direkte rede maak dit realisties/beklemtoon dat die see lewens neem.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 9.2.5 | D/sê dat die kleinste foutjie die vissermanne kan laat sterf. | 1 |
| 9.2.6 (a) | ontevrede | 1 |
| 9.2.6 (b) | onregverdig | 1 |
| 9.2.6 (c) | beklemtoon | 1 |
| 9.2.7 (a) | B/personifikasie | 1 |
| 9.2.7 (b) | A/alliterasie | 1 |
| 9.2.7 (c) | D/'n vergelyking | 1 |

Downloaded from Stanmorephysics.com


| | | |
|---|---|---|
| 9.2.8 | Ek kan leer dat ek …<br>• altyd na die groter prentjie moet kyk./moet besef alles gebeur nie altyd soos ek dit wil hê nie.<br>• die konteks van iets moet verstaan voordat ek daaroor kla./moet besef dat vissermanne gevaarlike werk doen.<br>• nie ander se werk moet bevraagteken/minder ag/op neersien nie.<br>• billik en regverdig moet wees as ek met mense omgaan/praat.<br>• nie altyd moet kla alles is te duur nie.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |
| 9.2.9 | • Mevrou Mathee …<br>  ○ het haar seuns verloor (en dit is nie maklik nie).<br>  ○ het (nog) nie die dood van haar seuns aanvaar nie.<br>  ○ tuur/kyk met verlange oor die see/wag nog vir haar seuns om terug te kom.<br>  ○ hoop dat haar seuns sal terugkom (om saam met haar tee te drink/tyd deur te bring).<br>  ○ se seuns was vissermanne en het op see gesterf.<br>• Ek het ook al 'n geliefde verloor./Dit is moeilik om 'n geliefde te verloor.<br>• Almal wens dat 'n geliefde weer sal terugkom.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Aanhalings kan nie aanvaar word nie.)* | 1 |
| 9.2.10 | • Die vertelling van die gevare van die see bereik 'n hoogtepunt met die verwysing na die dood van die Mathee-seuns.<br>• Dit bevestig die dinge wat die spreker van die see sê.<br>• Ons leer ken die gevare/hartseer van die see/wat die see bring.<br>• Dit beklemtoon dat die see jou lewe kan neem.<br>• Die manne se dood sluit aan by die einde van die gedig.<br>• Dit beklemtoon dat die prys van die vis onbelangrik/min is in vergelyking met die prys wat mevrou Mathee se seuns moes betaal.<br>*(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)* | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| | | **[35]** |

| | | |
|---|---|---|
| | **TOTAAL AFDELING D:** | **35** |
| | **GROOTTOTAAL:** | **70** |